Jy het God getart tot woede. Die honde sal Isébel langs die muur van jou huis opvreet. Wanneer 'n lid van jou familie in die stad sterf, sal die honde sy vlees vreet. As julle in die veld sterf, sal aasvoëls hulle vreet. Geeneen sal met eer begrawe word nie.




Hierdie is die woord van die **Here** en dit sal vervul word.

Asseblief, ek sal verander en aan Jehovah offers bring.











Agab se seuns sou in sy plek regeer en vir nog twaalf jaar het Isébel as koningin bly leef. Israel het volgehou om afgode te dien en die wet van God te oortree.




Dit is twaalf jaar later.





Ek sal hier staan sodat hulle kan sien dat ek nog in beheer is.



Wie is aan my kant?



Ons is met jou Generaal.

Gooi dan vir Isébel daar af.

Julle kan dit nie doen nie. Ek is immers die koningin.




IEEEEEEE!



Honde het Isébel versind en haar bloed opgelek, op die presiese plek waar hulle haar man se bloed opgelek het. Dit was nes die profete van God voorspel het.

Los haar liggaam net daar.

GRRRR



Maar die honde het nie die vuil hande geëet wat soveel boosheid verrig het nie.

Soos die profete voorspel het, was die res van Agab se kinders, deur die mense in die stad, doodgemaak en daar het nie een van sy familie oorleef nie.

Wie in die veld gesterf het was deur aasvoëls gevreet en die wat in die stad gesterf het, was deur honde gevreet. Niks het oorgebly om te begrawe nie. Waarlik, die loon van sonde is die dood.





Het jy dit gesien?
Die water het na weerskante
verdeel sodat hulle kan
deurgaan.

Ja, dit is
net soos met
Moses.

Ek sou dit
nie vir enigiets wou
mis nie.

Ek wens die
profete van Baäl kon
dit gesien het!



Voordat ek weggaan,
is daar iets wat jy wil hê
ek moet vir jou doen?

Jy het 'n moeilike
ding gevra, maar dit sal
gebeur wanneer jy sien
hoedat ek in die hemel
opgeneem word.

Gee vir my 'n
dubbele porsie van
die Gees van God
wat op jou rus.



Die vuur
wa en perde
van God!

En 'n
stormwind!



Waar is die God van Elia?



Die Gees van Elia rus op Elisa!

PLOP!

Mensig! Dis nou omtrent vir jou 'n dag!



Elisa het twee keer soveel wonderwerke verrig as wat Elia verrig het. Hy was getrou aan God, maar die volk wou nie heeltemal wegdraai van hulle afgodery nie.


Waarheen is Elia?

Ons moet hom soek!

Dit is nutteloos. Hy is in die Hemel.



**HOOFSTUK 6:
PROFESIEË VAN CHRISTUS**



Na Elísa, het God ander profete soos Jesaja, Jeremia en Amos opgeroep. Hulle moes die volk vermaan om weg te draai van afgodediens en sonde. God het deur hierdie profete gepraat en hulle opdrag gegee om baie profesieë, aangaande dinge wat nog gaan gebeur, neer te skryf.

Jesaja was profeet tydens die beheer van konings Ussia, Jotam, Agas en Hiskía (Ongeveer 760 – 700 v.C.) God het deur Jesaja gepraat; Ek het kinders gevoed en groot gemaak maar hulle het teen my in opstand gekom. Die dom os ken sy eienaar, maar Israel ken my nie. Julle is 'n sondige nasie, 'n volk wat gevul is met onreg, kinders van boosaards.

As julle jul boosheid aflê en die verdruktes ophef, die wese versorg en voorsiening maak vir weduwees, sal Ek julle herstel en genees, maar as julle nie na my draai nie, sal julle deur die swaard vernietig word. Julle hele land sal verlate wees en die stede sal verbrand word. Jul seuns sal na Babelonië geneem word en daar ontman word om in die paleis van die koning van Babel te dien.

Jeremia was 'n profeet gedurende die heerskappy van Josía, Jójakim en Sedekía. (Ongeveer 630 – 590 v.C.) Jeremia het gesê, so sê die HERE; Kyk, Ek hou julle die weg van die lewe voor en die weg van die dood. Diegene wat in hierdie stad bly, sal deur die swaard, hongersnood en die pes sterf; maar hy wat uitgaan en oorloop na die Chaldeërs, wat julle beleër, sal lewe, maar hy sal 'n slaaf in Babel word. Want Ek het my aangesig teen hierdie stad gedraai ten kwade, spreek die HERE: dit sal oorgegee word in die hand van die koning van Babel, en hy sal dit verbrand.



Die HERE het deur Amos gespreek;
 En Ek self, sal teen julle oorlog voer met 'n
 uitgestrekte hand en 'n kragtige arm, selfs in
 woede, in toorn en in groot gramskap. En Ek
 sal die inwoners van hierdie stad verslaan, mens
 en dier: aan 'n dodelike pes sal hulle sterwe.
 En daarna, so spreek die HERE, sal Ek,
 Sedekía die koning van Juda, sy dienaars en
 die volk, almal wat in die stad, na die pes, die
 swaard en hongersnood oorgebly het,
 oorgee in die hand van Nebukadnézar,
 die koning van Babel, in die hand van
 julle vyande en in die hand van die wat hulle
 lewe soek: en hy sal hulle verslaan met die
 skerpte van die swaard; hy sal geen medelye
 met hulle hê of hulle spaar of hom ontferm nie.
 My toorn sal soos vuur brand en niemand sal dit
 blus nie. Hulle sal julle as slawe na Babel
 wegneem en julle met die swaard verslaan.
 Baie van die wat na Babel gaan, sal daar
 doodgaan en begrawe word.
 Amos was 'n profeet gedurende die
 heerskappy van konings Ussía en
 Jeróbiam II.



God het deur Amos gespreek; Julle vrouens is soos koeie wat hul mans nodig het om hulle te voorsien van drank. Julle sal nie langer julle mans domineer nie. Julle sal met vishoeke in julle vlees weggelei word om slawe in Babel te word.

Julle lê ledig op duur meubels rond en eet van die vet van die land. Julle luister na musiek terwyl julle groot hoeveelhede wyn drink. Julle het regverdigheid verwerp, die armes vertrap, die regverdiges verdruk en omkoopgeld geneem, en die behoeftiges se regte ontnem. Julle sal wingerde plant, maar julle vyande sal die wyn drink. Julle weermag sal vernietig word en julle sal weggevoer word om slawe in 'n vreemde land te wees.

God sê, Ek sal die altare van Betel vernietig en julle winter- sowel as somer huise afbreek. Julle verdruk die armes, aanvaar omkoopgeld, en onderdruk die behoeftiges. Ek het reën weerhou, hongersnood en siekte gestuur en steeds wil julle nie tot inkeer kom nie. Julle plant wingerde vir meer wyn, maar julle sal dit nie drink nie.

Moeder, ek is so honger.

753 v.C.

Hoséa was 'n profeet tydens die heerskappy van die konings Ussia, Jotam en Agas. (Ongeveer 785-725 v.C.) Hoséa het so profeteer; Israel sal onder die swaard val, hulle kleintjies sal op die grond verpletter word, hulle swanger vroue sal oopgeskeur word.

Die dag sal kom wanneer God haar sondes sal vergewe, en weer vir Israel met vrymoedigheid sal liefhê. Weereens sal Israel bloei soos 'n lelie. Sy sal uitsprei soos 'n olyfboom en haar geur sal wees soos 'n seder van Libanon.

Gedurende die jare na ballingskap in Babelonië, sal julle versprei onder al die nasies en daar sal julle vervolgt word, julle eiendom afgeneem word en julle sal geen rusplek vind nie.

Hulle vat alles. Hoekom los hulle ons nie uit nie?

Mamma, waar gaan ons bly?


Hierdie behoort 'n **goeie prys** te haal. Ek gaan dit haat as die Jode weggaan. Hulle was baie goed vir besigheid.

Dit sê dat al die Jode, binne drie dae, uit die land uit moet wees!

Volgens hierdie dokument, moet die Jode die land verlaat en julle mag geen besittings saam met julle neem nie.

Ek het nog altyd hierdie koei begeer.

Omdat die volk van Israel God se woord verwerp het, word hulle versprei onder al die volke van die aarde. Hulle sou nie rus vind totdat God hulle terugbring na die land van hulle voorvaders nie.




Die hele land van Israel sal 'n woesteryn word, en julle sal die koning van Babelonië sewentig jaar lank dien. Maar na sewentig jaar, sal Ek Babel straf vir hulle ongeregtigheid en dan kom 'n oorblyfsel van die volk terug na hierdie land om dit te herbou.

Jerusalem sal so verlate wees dat dit soos 'n ploegland sal lyk.

Hierdie profesie het waar geword. Die vyand het inderdaad Jerusalem omgeploeg. Maar in die laaste dae (einde van die wêreld sisteme) sal die tempel herbou word en die volke sal daarheen toestroom.

Die profeet Mica het geleef vanaf 750-686 v.C. en hy profeteer so:

En baie volke sal kom en sê, kom laat ons opgaan na die berg van die HERE, en na die huis van die God van Jakob; en Hy sal ons Sy weë leer en ons sal wandel in Sy paaie; want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem.



En Hy sal oordeel oor baie volke en magtige nasies teregsprek tot in die verste lande; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse, nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie. Maar hulle sal sit elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom, sonder dat iemand hulle verskrik; want die mond van die Here van die leërske het dit gesprek.

En ons sal wandel in die naam van die HERE onse God vir ewig en altoos. In dié dag, spreek die HERE, sal Ek bymekaarmaak wat verdryf was, en Ek sal 'n magtige nasie maak: en die HERE sal koning wees oor hulle op die berg Sion, van nou af tot in ewigheid.

Jeremia het so geprofeteer:

Koning Sedekia het in die oë van die Here goddeloos gelewe. Hy sal nie doodgemaak word nie. Hy sal na Babilonië gaan waar hy sy lewe sal uitleef tussen sy eie mense, maar Babilonië sal hy nooit weer sien nie, want hy sal met blindheid geslaan wees. Julle sal sewentig jaar in Babilonië bly.

Aan die einde van die sewentig jaar, sal 'n weermag uit die noorde, Babel oorwin en 'n oorblyfsel van ons volk sal terugkeer na hierdie land om die stad en die tempel te herbou.


Na 'n tyd van oordeel, sal God hulle sonde vergewe en Jerusalem sal deur al die geslagte bewoon wees.

Neem hierdie boek saam met jou na Babel en lees dit daar aan die volk voor, sodat hulle sal verstaan wat hulle moet verduur voordat hulle kan terugkeer.

Ek sal die troon van Dawid herstel en julle sal terugkeer en die hele land besit.

Esegiël profeteer; Hulle sal onder die nasies versprei word, maar net soos God hulle verstrooi het, sal Hy hulle uiteindelik weer terugbring na die land.

Hy het Abraham belowe dat sy nakomelinge die land vir ewig sal besit, en God breek nie sy beloftes nie. Maar omdat die volk sonde pleeg, sal God hulle in ballingskap verstrooi onder nasies waar vreemde gode aanbid word, maar uiteindelik sal Hy hulle terugbring.



Ook Egipte sal deur Babel oorwin word, en vir veertig jaar sal Egipteland 'n wildernis en puinhoop wees. Nadat hulle terugkeer van Babel af sal Egipte nooit weer so magtig wees as vroeër nie, maar dit sal bly bestaan tot in die laaste dae en dan sal Egipte en Assirië my volk Israel bystaan in 'n drievoudige vredesooreenkoms en Ek sal hulle seën.

Die Filistyne sal vernietig word en nie meer bestaan nie. Netso sal Asdad, Ekron, en Ammon, nie meer bestaan nie. Edom sal geheel en al verwoes word. Tirus sal vernietig word en al die hout en stene sal in die see geslinger word. Dit sal nooit weer bewoon word nie en die grond sal soos 'n kaal rots wees, 'n plek vir vissermanne om hulle nette uit te droog.

Maar Persië (Iran), Turkye, Ethiopië en Libië sal bestaan tot aan die einde wanneer hulle sal probeer om die land van Israel oor te neem. Hulle sal op die berge van Israel omkom.

Die profesieë in die Bybel is altyd volmaak en akkuraat. Al die stede en volke waarvoor geprofeteer was, dat hulle nie sou voortbestaan nie, het tot 'n einde gekom. Die nasies wat sou voortbestaan, is vandag nog met ons.

Gedurende 605 v.C. was Israel deur Babilonië oorwin, net soos geprofeteer was.

Na die oorlog was meer as 5000 Jode in ballingskap na Babilonië weggevoer. Hulle het veral die jong en geleerde mense gevat. Die plan was dat hulle tot voordeel van die koninkryk sou wees. Onder hulle was 'n jongman met die naam Daniël. Hy het die geboorte nagekom en in gehoorsaamheid aan die God van Abraham geleef.

O Here, weens die sondes van ons vaders word ons gestraf. Help ons om, selfs in hierdie vreemde land, U wet te gehoorsaam.

Daniël was 'n gevangene in 'n vreemde land, maar hy het besluit om getrou aan sy God te bly. Die Babiloniërs het opgemerk dat hy 'n goeie verstand en wysheid gehad het en het hom aangestel as een van die wyse manne van Babel.

Ons dank U, O Here van hemel en aarde, Koning van die heelal, dat U ons daaglikse brood voorsien.

Nebukadnésar, die koning van Babel, het wakker geword na 'n buitengewone droom.

Wat beteken hierdie droom? Sekerlik is so 'n droom deur die gode gestuur om die toekoms te openbaar.

Julle is die wyse manne. Julle getuig dat die gode julle dinge vertel. Nou verklaar aan my wat ek gedroom het en wat my droom beteken.

Maar hoe kan u verwag dat ons die betekenis van die droom moet uitlê as u ons nie vertel wat die droom is nie? Niemand behalwe die gode kan dit tog doen nie.



Ek het geweet julle is almal bedrieërs. Die gode praat nie met julle nie. Julle en jul gesinne sal doodgemaak word en julle huise sal mishope wees.



Ek is jammer, Daniël, maar môre sal jy en al die wyse manne van Babel doodgemaak word. Die koning glo nie meer sy eie raadgewers, geleerdes en priesters nie.

Maar **Jehova God** kan die koning se droom en die betekenis daarvan bekend maak. Ek moet alleen wees om te bid. Kyk of jy hom kan kry om een dag uit te stel.



HERE, U alleen is God en koning van die hemel. Maak asseblief aan U dienaar bekend wat sal plaasvind. Daar is geen ander God soos U nie.

Daniël, luister na my...



Gou, neem my na die koning!

As jy nie aan die koning sy droom kan vertel nie, sal hy my op die plek doodmaak.



O Koning, jy is die koning van alle konings, omdat die God van die hemel jou so gemaak het. Hy het aan jou 'n beeld gegee van wat in die laaste dae sal gebeur.

Moenie my tyd mors nie. Kan jy my, my droom vertel of nie?

Die ware God, skepper van die heelal, het u droom aan u dienskneg bekend gemaak.



○ Koning, dit was 'n groot standbeeld wat u in u droom gesien het. Hierdie beeld verteenwoordig u koninkryk en drie ander ryke wat sal volg.

**Dit is waar!
Ek het niemand
vertel nie!** Jou god is werklik die enigste God.



U is die kop van goud, die koning van alle konings. Voordat u Juda oorwin het, het ons profete voorspel dat God ons gaan veroordeel weens ons sonde en die koninkryk dan aan u sal oorgee. Nou is u heerskappy glorieryk.



Die bors van silwer verteenwoordig 'n volgende koninkryk, die van die Meders en Perse. Na u dood, sal hulle Babel verower en net soos u, sal hulle ook oor die wêreld regeer.



○ Koning, na die kop van goud en die bors van silwer, het u die maag van koper gesien. Daardie koper verteenwoordig die derde koninkryk, die Grieke. Dit sal na die ryk van die Mede-Perse volg en sal kort maar geweldig wees.



Die vierde koninkryk sal anders wees as die eerstes. Die bene is van yster en sal baie nasies vertrap en in stukke breek. Maar u het gesien dat die yster tone met klei gemeng was wat beteken dat in die laaste dae die koninkryk in tien dele sal verdeel en swak sal wees.



Verder, O Koning, het u 'n rots gesien wat uit 'n berg gekap was, maar nie deur mensehande nie. Dit het teen die berg afgerol en die beeld se voete getref en al die koninkryke was in 'n oogwink vernietig.



Die rots verteenwoordig die seun van God wat na die aarde sal kom en 'n glorieryke koninkryk sal oprig.

Aan die einde van tyd, sal al die dooies opgewek word om beoordeel te word. Die wat in boosheid geleef het, sal beskaamd wees en die ewige verderf ontvang. Die wat goed gedoen het sal die ewige lewe ontvang.



Sonder twyfel, hierdie woorde wat jy spreek kom van God. Hoe anders kon jy my droom in elke besonderheid geken het. **Ek sal jou heerser oor al die wyse manne maak.**

Daniël het vir 68 jaar in Babel bly voortleef. Hy het drome uitgeleë en baie keer die toekoms voorspel. Met verloop van tyd het koning Nebukadnésar gesterf en sy seun Bêlsasar het sy plek geneem.



Een aand terwyl Bêlsasar 'n feesmaal gehou het en almal vreeslik gedrink het, het 'n hand uit die niet verskyn en teen 'n muur geskryf. Daniël was ingeroep om die skrif te lees. God het hom in staat gestel om hierdie onbekende taal te verstaan.

O Koning, **u het teen God gesondig.** Soos die profete voorspel het, word u koninkryk vannag van u weggenem en aan die Meders en Perse oorgegee.



Die profete het voorspel dat Babel tot 'n val sou kom wanneer die vyand deur die twee hekke sou inkom, wat oopmaak om water aan die stad te voorsien. Dit het gebeur terwyl die mense te dronk was om dit agter te kom. Terwyl Daniël nog gepraat het, was die vyand alreeds besig om die stad binne te val.

Nadat die Meders en Perse Babel verower het, het Daniël 'n ou boek ontdek wat deur die profeet Jeremia geskryf was – een van die boeke van die Bybel. Terwyl hy gelees het, was hy verbaas om te ontdek dat God vroeër reeds voorspel het dat die ballingskap in Babel net 70 jaar sou duur.



Daarna sou 'n oorblyfsel terugkeer na Jerusalem om die mure en die tempel te herbou. Toe hy verder lees, het hy ontdek dat die profeet 200 jaar gelede tot selfs die naam van die Persiese koning genoem het wat die bevel sou gee dat hulle kon terugkeer.



Dit is nou al amper 69 jaar.... **nog net een jaar oor.** Hier staan geskrywe dat Kores, God se dienaar is en dat hy God se wil doen. Hy sal bevel gee dat ons terugkeer na ons tuisland! Geseënd is U, O Here ons God, Koning van die heelal.



Kores het die Jode 70 jaar na hulle gevangenskap vrygelaat, net soos die Geskryfte voorspel het en 52,000 oorblywendes het terugkeer om die stad te herbou.

Net soos God aan Abraham beloof het, het Hy ons hierdie land gegee as 'n ewige besitting. Hy het ons vaders gevaarsku dat ons oorgelewer sou word in die hande van ons vyande as ons ander gode dien, maar Hy het ook belowe om nooit Sy volk te vergeet nie. God het Sy woord gehou. Noudat ons teruggekeer het, moet ons Hom gehoorsaam wees.

Ons moet organiseer. Ons sal eerstens die mure herbou en dan kan ons met die **tempel** begin.

O Here, God van Abraham, U het ons teruggebring soos U belowe het, leer ons om U weë te volg.

Ek het vars water gebring. Laat ons met die werk begin.

Aangesien Daniël reeds baie oud was, het hy nie met die volk teruggekeer nie. Hy het steeds 'n belangrike rol gespeel as raadgewer aan die konings van die Mede-Persiese ryk, wat nou in die stad van Babel gevestig was. God het hom meer visioene aangaande die toekoms gegee, selfs tot aan die einde van tyd. Een droom was van 'n metaal gedierte. 'n Engel het hom vertel wat die beeld van die ondier beteken.




God wys jou wat in die laaste dae sal gebeur. Hy het aan Nebukadnésar bekend gemaak dat daar vier koninkryke sal wees. Daar was reeds twee. Na hierdie Mede-Persiese ryk sal die Grieke regeer. Hulle sal vinnig oorheers maar sal ook gou tot 'n val kom en in vier koninkryke verdeel. Die ryke sal dan onder mekaar veg totdat daar net twee oor is. Hulle sal vir baie jare oor en weer veg totdat hulle deur 'n vierde koninkryk oorwin word – dit is wat hierdie metaal gedierte voorstel.

Die vierde koninkryk sal soos yster wees, magtiger en sterker as al die vorige koninkryke. Dit sal almal verslaan, maar in die laaste dae sal hierdie koninkryk in tien nasies verdeel. Dan sal daar 'n man opstaan wat vrede verkondig. Hy is die laaste horing wat uit die gedierte se kop groei. In die laaste dae sal hy mense vleis en vrede belowe, maar slegs om hulle te verslaan en vernietig. Hy sal dan die gedierte in die aller heiligste plek in die Joodse temple oprig en dit sodoende onrein maak en offergawes sal ophou. Daar sal dan 'n tyd van groot benoudheid oor die hele aarde volg. Maar die regverdiges sal verlos word.

Daniël, God wil hê dat jy moet weet wanneer en wat in die toekoms gaan gebeur. Vandat die bevel gegee word om die tempel te herstel en herbou, sal daar 483 jaar verloop, daarna sal die Messias gedood word as betaling vir die sonde van mense, en dan sal die tempel weer vernietig word.

Hierdie profesie sal vervul word en die Messias sal gesalf word. Daar sal versoening gemaak word vir sonde en ewige geregtigheid sal die mens se deel word.

Net soos Daniël dit aangeteken het, het Jesus sy triomfantlike intog in Jerusalem gemaak op die presiese dag toe die 483 jaar verby was.



Vandat God Adam en Eva geskape het, was baie profesieë gemaak wat die koms van die Christus voorspel het: God het aan Adam en Eva gesê dat die saad van die vrou sal kom om die bose een te vernietig. Aan Noag het God gesê dat die Messias van die nageslag van Sem sou kom, nie van Jafet en nie van Gam nie. God het aan Abraham gesê dat die Verlosser uit sy nageslag, deur sy seun Isak, sou gebore word. God het vir Isak gesê dat die beloofde een deur sy seun Jakob sou kom, en Hy het aan Jakob gesê dat Christus deur Juda sou kom.

Baie meer presiese profesieë aangaande die lewe van die Verlosser was deur God aan verskeie profete gegee. Hulle sê dat die alomteenwoordigheid van die verlosser van ewigheid af bestaan. Die Verlosser sou uit 'n maagd gebore word in die stad van Betlehem, in Judéa. Dat Hy nederig van aangesig sou wees en dat Hy op 'n esel sou ry. Die Here se Gees sal oor hom heers en Hy sal oordeel oor die heidene bring. Hy sal ook die lig aan die heidene bring en verlossing aan almal wat op aarde is bied. 'n Lydende Messias sal hy wees en Hy sal deur sy eie mense verwerp word. Hy sal sterf en sy hande en voete sal deurboor word. Hy sal naak opgehang wees, sal dors wees en asyn sal aan Hom gegee word om te drink. Hy sal tussen twee misdadigers hang maar in 'n ryk man se graf begrawe word.

Die profesieë van Daniël aangaande die vier koninkryke was bewaarheid presies net soos voorspel was. In 330 v.C. het Alexander die Grote van Griekeland begin met sy heerskappy wat sewe jaar geduur het. In die tydperk het hy die destydse wêreld oorgeneem, insluitend die ryk van die Meders en Perse. Die Grieke was aan bewind tot ongeveer 167 v.C. toe die vierde koninkryk, naamlik Rome, begin oorneem het.

Rome, wat in Nebukadnésar se droom, deur die bene en voete van yster en in Daniël se droom as die ongedierte, verteenwoordig was, het sy mag en gebied uitgebrei, ook net soos voorspel was. In 5 v.C. het Rome Israel met 'n ysterhand regeer.



HOOFSTUK 7: NUWE TESTAMENT- GEBOORTE VAN CHRISTUS EN DIE VERSOEKING

500 JAAR LATER

Meer as vyf honderd jaar het verloop vanaf Daniël se profesieë. In 6 v.C. het die Romeine die Jode godsdienstvryheid toegelaat, maar die volk was swaar belas. Die tempel is herbou en was die middelpunt van die Joodse lewe. Die volk het begin om die profesieë van 'n komende Messias te vergeet maar daar was tog diene wat die wet onderhou het en uitgesien het na die koms van die beloofde Verlosser. Een van hulle was 'n ou man met die naam Símeon. Hy was 'n heilige man wat begeer het om die Een te sien van wie die profete gepraat het. Vir jare het hy die profesieë gelees en het geweet dat die tyd nou naby was, maar hy was reeds oud en sou seker nie veel langer leef nie. Dit is nou 4000 jaar na die tyd dat God, Eva, beloof het dat uit haar saad die Een sal kom wat die Bose sal vernietig.

Dit is nou tyd dat die meer as 350 profesieë tot vervulling kom.

6 v.C.

O God van Abraham, Isak en Jakob, ek wag al so lank vir die Verlosser, maar ek sal nie meer veel langer leef nie.

Inderdaad, jou leeftyd is amper verby maar voordat jy sterwe, sal jy die belofde Een sien.

Volgens Miga 5:1-3 is die seun ewig net soos God. Wat van die profesie van Psalm 45:7 waar God die Seun ook "God" noem?

Daar is maar min wat met jou hieroor sal saamstem en ek raai aan dat jy nie in die openbaar sommer oor die dinge praat nie. Dit mag veroorsaak dat jy gestenig word.

Jy sal nog sien, voordat ek tot sterwe kom, sal die Messias na hierdie tempel kom en ek sal hom sien.

Ek kon nie help om te hoor wat julle sê nie. Ek het ook die Geskrifte bestudeer en 500 jaar gelede het Daniël 'n paar baie interessante dinge, in verband met die tyd van die koms van die Messias, te sê gehad.

Wat weet jy wat die skrifgeleerdes nie weet nie?

Simeon het die Heilige Skrifte deursoek en baie profesieë aangaande die Christus gevind.

Simeon, jy is elke dag hier. Ek sou graag wou hê dat al die priesters so getrou soos jy moet wees.

Hoe verstaan jy hierdie profesie in Jesaja aangaande Christus? Dit sê dat 'n maagd swanger sal word en 'n seunkind sal baar. Hierdie moet die saad van die vrou wees, soos aan Eva gesê was.

Ja, en Jesaja het ook gesê dat hy die Magtige God genoem sal word. Maar die profesieë is moeilik om te verstaan.

Hy kan reg wees, weet jy.

En wie is jy? Wat weet jy van hierdie dinge?

My vader is 'n skrifgeleerde en het aan my die profesieë gewys. God het aan Daniël bekend gemaak dat vanaf die tyd dat die opdrag uitgegaan het om Jerusalem te herbou, tot die afsnyding van die Messias, 483 jaar sal wees.

Dit is nou reeds **449** jaar nadat die opdrag gegee was. Dit laat net 34 jaar oor, wat beteken dat die Messias selfs nou al onder ons kan wees.

Nee, nog nie. Die Heilige Gees het aan my geopenbaar dat voordat ek doodgaan, ek die Messias, as 'n baba, hier in hierdie tempel sal sien.

Hoe kan jy sulke dinge weet?

Jy sal nog sien.

Terwyl Simeon steeds ouer word, getrou by die tempel gewag het en uitgesien het na die beloofde Christus, het 'n priester met die naam van Sagaria eendag die tempel ingegaan om te bid. Hy en sy vrou was al oud en het nooit kinders gehad nie.

Skielik het 'n engel aan die regterkant van die altaar verskyn!



Moenie bang wees nie. Jou gebed is verhoor en jou vrou Elisabet sal 'n seun baar en julle moet hom Johannes noem.

Baie sal juig wanneer hy gebore word. Want hy is die een wat die mense sal voorberei op die koms van die Messias. Hy sal nie wyn of sterk drank drink nie en hy sal die gees en krag van Elia ontvang.

Hoe kan ek weet dat wat jy sê die waarheid is? My vrou en ek is albei te oud om kinders voort te bring, en sy was haar hele lewe lank onvrugbaar.



Ek is Gabriël, wat in die teenwoordigheid van God staan en ek was gestuur om jou hierdie dinge te vertel. Wil jy 'n teken hê? Jy sal nie kan praat totdat jy hierdie dinge sien gebeur het nie.



Ek sal bly wees wanneer ons oor hierdie dinge kan gesels. Die huis is so stil. Jy behoort beter te weet as om met 'n Engel te redeneer.

Sagaria, dit is steeds moeilik om te glo. Net soos Sara, ons volksmoeder, het God ons gebede verhoor en nou gaan ek die moeder van 'n **groot profete** wees.



Vir 4000 jaar voorspel die profete die koms van die Messias. 700 jaar vroeër het die profete Jesaja gesê, "Kyk, 'n maagd sal swanger word en 'n seun baar en hy sal **Immánuel** genoem word, dit is God met ons."

Maria was verloof en het op troue gestaan met Josef. Sy het nog nooit intiem met iemand verkeer nie. Sy was gehoorsaam aan al die wette van Moses.



Skielik het 'n engel aan Maria verskyn!

Maria, jy het groot guns voor die aangesig van God gevind. Jy sal swanger raak en die seun van God sal uit jou gebore word.

Hoe kan so iets gebeur aangesien ek nog nooit intiem met 'n man was nie?

Die Heilige Gees van God sal jou bedek. Die heilige fetus wat in jou baarmoeder verwek word, sal die seun van God wees. Jou niggie Elisabet, wat onvrugbaar was, is nou ook swanger. Sy is nou in haar sesde maand.



Ek is 'n diensmeisie van die **Here**. Mag dit met my wees soos Hy wil.

Ek gaan die **moeder** van die Seun van God wees. Sal Josef my glo? Sal hy verstaan? Wat sal almal dink wanneer hulle beseft dat ek swanger is? Ek weet; ek sal by Elisabet gaan bly.



Elisabet!

Maria,
my kind!

Geseënd is jy onder alle vroue en **geseënd** is die vrug van jou skoot. Wie is ek dat die moeder van my Here my kom besoek? Want toe ek jou stem hoor, het my kindjie in my skoot van vreugde opgespring.

My siel vereer inderdaad die almag van die Here en my gees is verheug oor God, my Saligmaker. Hierna sal al die geslagte my geseënd noem want Hy het groot dinge gedoen.



Hy het die van nederige herkoms verhoog. Soos Hy aan vader Abraham gesê het, het Hy in genade nie van ons vergeet nie.

Maria het vir omtrent drie maande by Elisabet gebly.

Die tyd het aangebreek vir Elisabet om geboorte te gee.



Sagaría is seker dat hulle 'n seun gaan hê; hy sê dat 'n engel dit vir hom gesê het.

Wel as dit 'n seun is, neem ek aan dat sy naam **Sagaría** sal wees. Na sy vader vernoem.

Hier kom hy nou. Kom ons vra hom.



Hulle het gesê dat die engel hom stom gemaak het omdat hy nie die engel geglo het nie.

Wat gaan die kind se naam wees?

Hy wil 'n skryftablet hê.



Hy sê dat sy naam **Johannes** sal wees, soos die engel beveel het.

Maar daar is niemand in die familie met die naam Johannes nie.



Dit is toe 'n **seun**, 'n baie harige seun.



Sy naam is **Johannes**, volgens die woord van die Here. Hy sal die **Messias** aan ons, die volk van Israel, bekendmaak.

Hy praat! Na al hierdie maande, praat hy weer!

Kan dit wees dat dit inderdaad die Elia van die profesie is?

Intussen het Josef ontdek dat Maria swanger was en hy het geweet dat dit nie sy baba is nie.

O, Josef, wat gaan jy doen?

Moeder, ek kan dit werklik nie glo nie. Daar was geen man naby haar gewees nie. Sy was gedurig in die teenwoordigheid van haar familie. Ek het dit nie gedoen nie! Maar die feit is daar. Sy is swanger.

Ek kan nie nou met haar trou nie, maar ek wil dit ook nie in die openbaar bekend maak nie. Sy mag gestenig word vir owerspel. Miskien kan ons net stillertjies die verlowing verbreek.

Wie het sy gesê is die vader?

Sy sê dat God die vader van haar kind is, wat in haar skoot geplant was deur die Heilige Gees sonder enige fisiese kontak.

O! Het sy mal geword?

Sy sê die kind gaan die Verlosser van die wêreld wees, die **Seun van God**.

Dit is 'n lasterlike ding vir 'n vrou om te sê. Ek moet so vinnig en so stil as moontlik van haar afsien.

Daardie nag terwyl Josef slaap het 'n engel aan hom verskyn.

Jy Josef, 'n seun van Dawid, moenie vrees om Maria as jou vrou te neem nie, want die kind wat in haar verwek is, is deur die Heilige Gees. Sy sal geboorte gee aan 'n seun en jy sal hom **Jesus** noem, want hy sal Sy mense van hulle sondes red.

Hierdie is die vervulling van die profesie van Jesaja: "**Kyk die maagsal swanger word en 'n seun baar en hom Immanuel noem, dit beteken 'God met ons.'**"

Hoe sal die baba lyk? Aangesien hy God in die vlees gaan wees, sal hy kan praat sodra hy gebore word? Sal hy reeds kan lees?

O, Josef, ek weet nie, maar God weet. Ons sal maar net moet wag en sien.

Maria hoe sal jy my ooit vergeewe dat ek aan jou getwyfel het?

Ek weet dit is alles so ongelooflik. Uit al die vroue van Israel en deur al die eeue, het God my gekies om die Messias in die wêreld te bring!

Ons is albei van die bloedlyn van Dawid, en die profete het gesê dat die Messias gebore sal word uit die saad van Dawid.

Ek het nou net aan nog iets gedink. In die Tuin van Eden het God belowe dat die saad van die vrou die hoof van die saad van die slang sal verbrysel. **Ek verstaan nou!** Hierdie kind sal nie uit die saad van 'n man wees nie – net die vrou. **Sjoe!** God het al hierdie dinge van die begin af beplan.



Josef en Maria het in Násaret, Galiléa gebly, maar daar was 'n ou profesie wat gesê het dat die Messias in Betlehem van Judea gebore sou word. (Miga 5:2). Binnekort sou Maria geboorte aan haar kindjie gee en dit sou, volgens die profesie, in die verkeerde dorp wees. Hulle was nie bewus van die profesie nie en het dus geen rede gehad om die lang reis na Betlehem te neem nie.

Luister, luister almal! Volgens amptelike proklamasie uit Rome, deur die Keiser homself onderteken, sal 'n **sensus** geneem word en al die mense van Israel sal terugkeer na hul geboortedorp om vir belasting te registreer.

Josef, dit beteken dat jy na Betlehem sal moet gaan en dus nie hier sal wees wanneer die baba gebore word nie.

Die mense sal nie verstaan as ek weg is nie. Ek sal jou saam met my neem.



Maria, ek moes jou nie op hierdie reis gebring het nie. Miskien moet ons terugdraai.

Nee, ek moet by jou wees wanneer die baba gebore word. Niemand sal verstaan nie.



Dit het langer as 'n week geneem om die amper 100 myl reis te voltooi.

Ons moet gou maak as jy kan. My **tyd** is naby.

Ek sal sien of ek 'n kamer in die herberg kan kry.



Maria, ek het 'n vroedvrou gekry om ons te help.

Was daar nie plek in die herberg nie?

Nee, dit was **vol**.



Jy het baie goed gedoen met die geboorte veral omdat dit jou eerste baba is. Net jammer dat hy in 'n stal gebore moes word.

Moenie dat dit jou pla nie. Eendag gaan hy die wêreld regeer.

Wel, vir my lyk hy soos 'n dood normale baba.



WAT
NOU? Dis 'n
engel!

Duisende
engele!

Moenie vrees nie,
want God het my gestuur om
aan julle die goeie nuus, wat vir
alle mense bedoel is, te vertel.
Vandag is daar in die stad van
Dawid 'n verlosser gebore en
Hy is die Joodse Messias,
die Here.

Eer aan God in die
hoogste! God bring vrede
op aarde, want Hy het 'n
welbhae in die mense.

Hierdie is 'n teken vir
julle, julle sal 'n baba vind
wat in doeke toegedraai
is en in 'n krip lê.

Kan jy dit glo?
Engele het aan
ons verskyn!

Wag totdat
ek my vrou
vertel!

Het jy gehoor wat hy
gesê het? Die Messias
is in Israel gebore.

Ek wil
gaan kyk.

Die Verlosser!
Vrede aan die mense!
'n Baba? Kom ons gaan
om Hom te sien!

Jammer om
julle te pla, maar
'n engel het ons
genooi om te
kom.

Die Messias!

Wie sou kon dink,
God wat 'n baba
geword het?



Die tyd het aangebreek vir Maria en Josef om die pasgebore kindjie voor die priester te bring en om volgens wet, voorgeskrewe offers te bring.

Josef, dit sal die eerste keer wees dat hy na die tempel geneem word en niemand hier weet dat Jesus die Christus is nie.

Ek dink nie ons moet dit nou al aan enig iemand vertel nie. Wag totdat hy eers groot word.

Simeon was in die tempel.



Daar is hy! Ons het so lank gewag.

Wie is dit, Maria?

Ek weet nie. Niemand ken ons hier nie.



Geseënd is U, O Here ons God. Nou kan ek in vrede doodgaan want ek het die Verlosser gesien, net soos U belowe het. Hy sal 'n lig vir die heidene en die glorie van Israel wees.

Maar hoe het jy dit geweet?



Luister na my woorde. Hierdie kind sal veroorsaak dat baie mense in Israel opgerig word, maar dit sal ook die ondergang van vele beteken.

Daar sal teen hom gedraai word en jou hart gaan breek wanneer jy sien wat met hom gebeur.



Kyk! Die Messias. Hy het na sy tempel gekom. Dit is van Hom wat die profete gepraat het.

Dit is Anna. Sy het haar hele lewe lank gewag om die Messias te sien.

Jong man, hierdie kind is die **Christus**, die verlosser van die wêreld. Hy sal Israel red van hulle sondes.



Van daardie dag af het Anna oor hom gepraat met almal wat redding gesoek het.

Zbestudeer het en hulle wou meer oor God weet. Hulle het geweet van die profesie van 'n verwagte Messias. In drome en visioene het God aan hulle openbaar dat die beloofde Een gebore was. Hulle het 'n buitengewone ster ontdek en die het hulle na die volk van Israel gelei.

Ons het al baie ver gereis en is al weke lank op pad. Hierdie is 'n vreemde land waar ons ons nou bevind.

Die ster bly beweeg. Ons sal dit volg so ver as wat nodig is.

Daar was in die tyd geen koning oor Israel nie aangesien Rome oor hulle regeer het. Die Romeinse koning wat oor Jerusalem regeer het was Herodes. Die wyse manne het Herodes besoek om hom uit te vra oor die pasgebore koning.

Koning Herodes, hier is drie mans uit die verre Ooste en hulle lyk baie ryk. Hulle sê hulle soek na die **nuwe koning** van Israel – 'n baba wat gebore is.

'n Baba? 'n Koning? Ek is die koning. Laat hulle binnekom en bring die Hoofpriesters en Skrifgeleerdes na my.

Julle sê dat julle gekom het om 'n baba koning te sien? Hoe weet julle van hierdie dinge?

Ons het sy ster in die Ooste gesien en het gekom om hom te aanbid.

Waar is Hy?

Ons weet nie presies waar Hy is nie. Dit is waarom ons na U gekom het.

Ek het my geleerdes ontbied. Ons sal sien wat hulle hiervan weet. Kom saam met my na 'n private kamer.

Hulle sê dat hulle gekom het om die Koning van die Jode te aanbid. Die Een oor wie daar geskryf is dat Hy sal kom om die mense te red. Is daar so iets in julle geskifte aangaande 'n **Koning**?

Ek gee nie veel aandag aan julle geleerde opinies nie. Presies wat sê die profesieë?

Ja, baie profete het Sy koms voorspel, maar ons glo nie dat sulke profesieë letterlik opgeneem moet word nie.

Wel, Miga, die profete, het gesê dat die Messias uit die stam van **Juda, in Betlehem**, gebore sal word.

Luister, ek sal self graag die Kindjie wil hulde bring. Dus wanneer julle hom vind, laat my weet waar Hy is.

Natuurlik. Sodra ons hom vind, sal ons U laat weet.

Herodes was bevrees dat 'n koning wel gebore is. Sy plan was om uit te vind waar Hy is en die jong kind dood te maak.



Dit was vreeslik hoe daardie Skrifgeleerdes presies geweet het waar die kind gebore sou word, maar hulle het niks belanggestel in hulle eie profete se kennis nie.

Die geskrifte van die profete van Israel is soos geen ander nie. Ek het nog nooit sulke presiese voorspellings gesien nie.



Kyk!
Dieselfde ster
wat ons in die
Ooste gesien
het!

Tog is dit nie soos enige ster wat ons al ooit gesien het nie. Dit beweeg nie saam met die ander sterre nie en dit is soveel helderder.

Merk sy
posisie en dan volg
ons dit môre.



Daar, dit het gaan staan oor daardie huis. Maar hierdie is nie **Betlehem** nie! Dit is al 'n paar maande later. Miskien het hulle getrek.

Dit was so 'n lang reis en nou is ons amper daar.

Dit is inderdaad 'n **vreemde** ster. Dit lyk niks hoër as die wolke nie.



Ons wil julle nie pla nie, maar ons het soveel weke gereis om die pasgebore Koning te sien en te aanbid.

Hoe
het julle
geweet?

Ons lees die heilige skrifte van alle volke. Julle profete het **Sy** koms voorspel en toe het 'n **ster** verskyn om ons hierheen te lei. Die ster is juis nou bokant julle huis.



Met groot nederigheid bring ons hierdie geringe geskenke ter ere van die Verlosser van die wêreld. Hy sal baie na geregtigheid lei.

Daardie nag het God in 'n droom aan die wyse manne verskyn, vir hulle gesê om nie Herodes te vertel waar hulle die kind gevind het nie en hulle gewaarsku om met 'n ander roete na hul tuislande terug te keer. God het ook met Josef gepraat en hom gesê om na Egipte te vlug, want Herodes wou die kind doodmaak.





Toe Jesus twaalf jaar oud was, het Josef die gesin na Jerusalem geneem vir die Paasfees viering. Hulle het die offer lammetjie, wat hulle sondes moes bedek, saamgedra.

Jesus, neem jy die lammetjie na die priesters. Hulle moet hom eers goedkeur voordat ons hom môre mag offer. Ons sal intussen iewers 'n rusplek vir die nag vind.

Vader, kan ek saam met Jesus gaan om die **tempel** te sien?



Dae later, nadat die offers gebring was.

Josef, ek kan Jesus nêrens vind nie. Niemand het Hom vandag gesien nie.

Ek dink ons moes Hom in **Jerusalem** agtergelaat het.

Maar hy het geweet ons gaan vertrek. Ek het aangeneem dat Hy maar tussen ons familielede is.

Ons sal maar moet teruggaan om Hom te vind.

Stem julle saam dat die Messias die **seun van Dawid** sal wees, want so sê die profete. Julle stem ook saam dat Dawid hom Here genoem het, asof die Messias sy God was. Hoe dan kan die Messias, Dawid se seun wees en terselfde tyd ook sy Here wees, tensy....

Of die Geskrifte is waar of hulle is nie. Glo ons dan net dit wat ons tradisie pas?

Is die **waarheid oit diep**? Was die geskrifte nie aan ons gegee om te verstaan nie?

Jy moet versigtig wees met daardie denkwyse, die gevolgtrekking kan na aan Godslastering kom.

Maar jy neem sommer aan dat jou verklaring reg is. Die Ouderlinge is beter gekwalifiseerd om hierdie diep waarhede te verstaan.

Maar jy kan nie alles letterlik opneem nie. Die Talmud sê...

Daar is hy!





Onthou nou dat Elisabet ses maande voor Maria geboorte aan 'n seun geskenk het. Die engel het aan Sagaria gesê dat hy die seun Johannes moet noem, en dat hy die mense se harte sal voorberei vir die koms van die Messias. So was dit ook deur die profete vyf honderd jaar tevore voorspel.

Julle moet wegdraai van julle boosheid en aan God gehoorsaam wees, want die koninkryk van die hemel gaan binnekort ingestel word.

As julle, julle harte voorberei om die Messias te ontvang sal ek julle in water doop. Maar daar is Een, wat na my kom en bo my verkore is, want Hy het al voorheen bestaan. Hy sal julle nie in water doop nie, maar in die Heilige Gees van God self. Draai weg van julle sondes voordat dit te laat is.

Wat moet ons doen Johannes? Wat verwag God van ons om regverdig te wees?



As jy twee jasse het en jy ontmoet 'n man wat geen jas het nie, gee dan vir hom een van jou jasse. As jy kos het en iemand is **honger**, gee hom dan iets om te eet.

Beoefen **regverdigheid** teenoor alle mense.



Johannes, ons wat vir die regering werk, wat kan ons doen om God te behaag? Ek is 'n belastinggaarder en Nabal hier is 'n doanebeampte.

Moet nie omkoopgeld aanvaar nie. Moenie jou posisie misbruik om mense te dwing om geld oor te betaal nie. Wees regverdig en getrou in al julle onderhandelinge.



Ek is nie deel van jou volk of geloof nie. Maar ek wil ook graag God behaag. Wat behoort ek te doen?

Moet nie geweld gebruik teenoor die oor wie jy regeer nie. Moet nie **steel** of jou posisie gebruik om geld of die eiendom van iemand te vat nie. Wees tevrede om van jou lone te leef.



Die woord 'doop' kom van die Griekse taal en dit beteken algehele onderdomping of indruk.

Hy wat na my kom is magtiger as ek. Ek is dit nie werd om Sy skoenriem los te maak nie. As julle, julle sonde bely en glo, sal Hy julle met die Heilige Gees doop.

Maar as julle Hom verwerp en aanhou met sondig, sal Hy julle in die vuurpoel van die ewige verdoemenis werp. Hou dus dadelik op met sonde.



Ek is nie die Messias nie.

Nee, maar soos die profeet Jesaja gesê het, "Ek is die stem wat in die wildernis roep, "Maak die pad van die Messias gelyk."

Wie is jy, dat jy die Messias verkondig? Wat sê jy oor jouself?

Is jy die profeet van wie Moses gepraat het? Die Een wat sal kom om die volk terug na God lei?

Watter reg het jy dan om oor ons godsgeleerdes te gaan en hierdie mense te doop?



Die engel van die Here het aan my gesê, die Een op wie die Gees van God soos 'n duif neerdaal, Hy is die Messias van Israel en die Verlosser van die wêreld.

Ek is net die boodskapper wat die pad vir die Messias voorberei, maar julle is seuns van die Addergeslag. Julle dink omdat julle Jode en kinders van Abraham is dat julle kinders van God is.

Julle moet julle sonde van hoogmoed laat vaar. Die byl lê teen die wortel van die bome, en julle sal afgesny word en in die vuurpoel van die ewige verdoemenis gewerp word, as julle harte nie verander nie.

Johannes, jy sê dat die Messias binnekort kom. Hoe sal jy hom herken wanneer hy kom?

Johannes het reeds ses maande lank gepreek en Jesus was al dertig jaar oud.



Ek het verwag dat hierdie tydperk sal aanbreek. Die engel Gabriel het gewaarsku dat ek groot smart sal ervaar. Ek wens jou pa, ek bedoel jou stiefpa het nog gelewe om hierdie dinge te sien.

Wat gaan jy doen? Hoe gaan jy begin? Sal jy na die tempel gaan?


Sal jy terugkom om my weer te sien?

Ek weet nie. My Vader sal my lei. Eerstens moet ek na Johannes gaan sodat ek deur hom gedoop kan word. Hy het al baie mense voorberei vir die dag van verklikking.

Natuurlik moeder, ek sal u nooit verlate los nie. Maar u moet sterk wees. Dinge sal met my gebeur en dit sal nie vir u maklik wees nie.









Satan het die eerste man, Adam, versoek om iets te eet wat verbode was. Nou is hy besig om hierdie swak en uitgeteerde Seun van die mens ook in versoeking te lei

Dit was inderdaad 'n versoeking aan 'n man wat veertig dae laas ge-eet het.



Hier, U kan hierdie klip in **brood** verander en so U **honger** stil.



Nee, ek sal nie. Die Woord sê dat die mens nie van brood alleen kan lewe nie, maar van elke woord wat God spreek.

Kom dan saam met my. Ek sal U na 'n plek neem waar U gehoorsaam aan God kan wees.



As U hier **afspring** en die engele sou kom en U vang, dan sal die mense sien en U as die **Messias** aanvaar. Ek weet dit is waarom U gekom het.

U het self uit die skrifte aangehaal, en die **Woord** sê tog dat die engele U op hulle hande sal dra indien U voet teen 'n klip sou struikel. Nou is die tyd om U krag te openbaar.

Die skrifte leer ook, "**Jy moet die Here jou God nie op die proef stel nie.**"

Ek weet dat U die wêreld lief het en gekom het om die wêreld te red, so ek sal vir U 'n plek wys waarvan ek dink U sal hou.



So ja, nou kan ons die meeste van die wêreld se koninkryke sien. **Is hulle nie wonderlik nie?** Vandat Adam sy rug op U heerskappy gedraai het, het ek die wêreld in besit geneem. Die mensdom het dit weer en weer aan my gegee. Dit is alles myne. Ek is die god van hierdie wêreld en nie U nie.

Ek sal dit alles aan U gee... maar slegs op een voorwaarde. As U net eenkeer voor my kniel en my aanbid, sal ek my heerskappy oor die wêreld opgee en dan kan U dit kry met alles en almal daarin. Wat sê U?



Die skrifte sê, **"Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien."** Jy het **misluk**, gee nou pad hier.

Satan het uit die teenwoordigheid van Jesus Christus gevlug. Vir die eerste keer in die menslike geskiedenis, het Satan 'n man teëgekom wie hy nie kon mislei nie. Jesus het die toets geslaag en nou was daar een mens wat hom totaal aan God onderwerp het.



Die veertig dae toets was nou verby, maar Jesus was te swak om voort te gaan.



Engele het kos en water gebring en Hom bedien. Nadat Sy liggaam herstel en versterk was, het hy teruggekeer na waar Johannes gepreek het.

...ην προς τον θεον και θεος ην
...ογος ουτος ην εν αρχη προς το
...εον παντα δι αυτου εγενετο κ
...χωρις αυτου εγενετο ουδε εν
...ουθεν εν αυτο εση ην και η



**HOOFSTUK 8:
VROEË PREDIKING EN
BEDIENING**

...το ου και τα
...τεσταλμενος παρα θεου ανθρωπων αυ





Natánael,
waar is jy?


Hier is ek,
my broer.

Natánael, ons het
Hom, van wie Moses in
die wet en die profete ook
geskryf het, gevind. **Jesus**
van Nasáret, die seun
van Josef.



Die **Messias**? Het jy met
Hom gepraat? Maar van **Nasáret**?
Niks goeds het nog ooit uit Nasáret
gekom nie. Hoe kan die **Messias** uit so 'n
armoedige, agterlike plekkie kom. Hy
was veronderstel om in **Betlehem**
van Judea gebore te word.

Kom kyk self.
Johannes het van
Hom getuig en **Andreas**
is nou by Hom.



Hier is waarlik
'n Israëliet met 'n
rein hart.

Filippus,
het jy hom
enigiets omtrent
my vertel?

Absoluut
niks nie.

U **ken** my nie,
hoe kan U sê ek het
'n rein hart?

Hoe kon U my
sien? **Niemand**
het geweet waar
ek was nie.

U is die **Seun**
van God. U is die
Koning van Israel.

Voordat Filippus jou
geroep het, toe jy nog onder
die vyeboom gesit het, het
Ek jou reeds gesien.

Beïndruk dit jou? Jy
sal wonderliker dinge as hierdie sien.
Die hemel sal oopgaan en die engele
van God sal op My neerdaal en dan
weer opvaar na bo. Kom. Ons
het baie om te doen.



Andreas het ook na sy broer gaan soek om hom van Jesus te vertel.

Simon Petrus, ons het die **Messias** van wie Johannes gepraat het gevind.

Wanneer?
Waar? Watter soort mens is Hy? Is daar **ander** wat Hom volg?

Kom kyk self.



Jy is **Simon**, die seun van Jona, jy sal **Petrus** genoem word.

Ek gaan my boot aan my familie gee en U volg.



Weldra het Jesus twaalf manne gekies om Hom te volg en na Sy leringe te luister. Hulle sou die twaalf dissipels genoem word. Hulle het van dorp tot dorp gereis en die evangelie van die Koninkryk verkondig.



Jesus en sy dissipels het na die tempel gegaan om daar te aanbid. Dit was egter met handelsware gevul.

Die priesters is **korrup**. Hulle maak wins uit alles wat in die tempel verkoop word.

Waarom moet ek my geld wissel alvorens ek dit vir die tempel gee? Dit wil voorkom asof julle 'n taamlike wins maak.

Die priesters **keur dit goed**.



Wat doen hy? Hy staan al byna 'n uur op dieselfde plek. Sê niks en weef net daardie koord tot 'n wie-weet-wat.

Ons het vandag 'n goeie wins gemaak. Dis nou baie beter as om te werk.



'n Sweep! Hy maak 'n sweep!



My Vader se huis moet 'n plek van gebed wees, maar julle het dit in 'n rowerspelonk omskep. Vat alles hier uit. Dadelik!

Sy vader se huis! Wie dink hy is hy? Die Messias?



Moenie die huis van my Vader tot 'n handelshuis maak nie. Julle is 'n spul rowers!

KAPLAKS!!





As julle weer na my Vader se huis kom, laat dit wees om jul sondes te bely.



Onthou jy die skrifgedeelte wat Dawid omtrent die Messias gesê het?

Ja, die ywer vir U huis het my verteer, want God se vyande het die Woord van God vergeet.

Weet jy, die skrifgeleerdes leer dat wanneer die Messias kom, Hy spoedig na sy **tempel** toe sal gaan.



Ek veronderstel U is hierdie **Jesus** van Nasáret van wie Johannes getuig. U het vandag baie moeilikheid veroorsaak. Kan U aan ons 'n teken toon?

Die bewys dat ek die Messias is, sal gesien word wanneer hierdie tempel afgebreek word en ek dit weer binne drie dae sal oprig.



Ses-en-veertig jaar lank is daar aan hierdie tempel gebou, en U sal dit in drie dae oprig? Dis verregaande!

As u weer U voete hier sit, sal ons U laat arresteer.

Jesus het oor die tempel van Sy liggaam gepraat, maar Hy het nie verduidelik nie aangesien Hy nie wou hê dat hulle moes verstaan nie.

Jesus en Sy dissipels het Jerusalem verlaat en noord, na Nasáret, Jesus se tuisdorp, gereis.



O, Jesus, jy het huiستoe gekom. Bring al jou vriende, ons sal 'n heerlike maaltyd vir hul voorberei.

Moeder, ons is slegs vir 'n kort tydjie hier – net tot na die Sabbatdag.

En soos Hy gewoon was, gaan Hy op die Sabbatdag in die sinagoge en staan op om te lees.*



Ons is verheug om een van ons eie manne, wat met sy vriende teruggekeer het, te sien. Ons het vreemde dinge omtrent hulle verneem en sal graag later meer daarvan wil hoor.

Maar nou eers, Jesus, sal U ons die eer aandoen om die Skriflesing waar te neem?

Jesus het na die boek van die profeet Jesaja geblaaï en 'n welbekende profesie oor die Messias gevind.



Die Gees van die Here is op My, want Hy het my gesalf om die evangelie aan die armes te verkondig, om blindes te laat sien, diegene wat verbryseld van hart is, te genees, die gebrokenes te bevry en om te verkondig dat die tyd aangebreek het dat God redding aan sy mense gaan bring.

Hierdie profesie is nou in vervulling.



Die sinagoge is 'n gebou waar die Jode op die Sabbatdag ontmoet en saam aanbid het. Die gebou was ook gebruik vir sosiale byeenkomste en ook 'n plek van lering. Die sabbat was die laaste dag van die week en die Jode het die dag geheilig en van alle werk gerus.

Lukas 4:16-21 *En God het op die sewende dag Sy werk voltooi, en op die dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak (Genesis 2:2-3; Exodus 20:10).



Godslastering!

Jy is net 'n skrynerker se seun.

Bly kalm. Ons loop nou.

Stenig hom!
Hy sê Hy is die Messias!



Jesus en sy dissipels het na Kapernaum gegaan, 'n dorpie by die meer waar sommige van sy dissipels gewoon het. Weereens het hulle die sinagoge binnegegaan.



En die profeet het gesê dat die Messias 'n lig vir die heidene sal wees en dat hulle op Hom sal vertrou. Geseënd is die man wat rein van hart is, want hy sal God sien. God verstoot geeneen wat na Hom kom nie, ongeag of hy Jood of heiden is.

DIE ALLERHEILIGSTE, LAAT ONS MET RUS!



Ek weet wie U is. U is die Allerheiligste, die **Heilige Een** van God.

Hy is duiwelbesete. Kry hom hier uit.




Het U gekom om ons duiwels voor die tyd te vernietig? Los ons uit. Wat het ons met U te doen?

Wie het hom hier ingelaat? **Pasop! Hy is gevaarlik.**



Duiwels, Ek beveel julle om hierdie man te verlaat en hom nie langer te folter nie.









Julle het gehoor dat daar gesê is jy mag nie egbreek nie, maar Ek sê vir julle dat elkeen wat net na 'n vrou kyk en haar begeer, reeds in sy hart met haar egbreek gepleeg het.



Die godsdienstige leiers lyk van buite goed en regverdig, maar van binne is hulle onheilig en gevul met ongeregtheid.

Hulle is net soos gewitte grafte. Van buite lyk hulle wel pragtig, maar van binne is hulle vol doodsbene en allerhande onreinheid. As julle nie meer regverdig as hulle is nie, sal julle nooit My koninkryk binnegaan nie.



Breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan.

Ek is die deur na die hemel, as iemand deur MY ingaan, sal hy die ewige lewe verkry. As iemand 'n ander weg probeer, sal hy in sonde sterf.



Waarom genees U op die Sabbatdag? **Moses** het beveel dat ons geen werk op die Sabbatdag mag doen nie.

My Vader het my na die wêreld gestuur om Sy werk te doen. Ek doen slegs dié dinge wat Hy my beveel om te doen.

U stel uself gelyk aan God. Dis Godsastingering, strafbaar met die **dood**.



Dit is die wil van die Hemelse Vader dat almal die **Seun** sal aanbid en eer net soos hulle die **Vader** eer.

Die uur sal aanbreek wanneer dié wat in grafte is, my stem sal hoor en uit die dood sal opstaan; sommige tot opstanding van die ewige lewe en ander tot opstanding van die ewige verderf.



Hierdie is waarlik die **Messias**. Aanvanklik Sy wonderwerke en nou hierdie onverskrokke stellings.

Hy is anders as ons ander godsdienstleiers. Hy praat met gesag. Ek is bevrees dat hulle hom om die lewe sal bring.

Ek moet my vrou gaan vertel.



Meester, hier is 'n *Fariseër wat U wil spreek. Hy is 'n leier onder die Jode, 'n baie vername man.

Waarom kom hy in die nag? Is dit vir hom 'n verleentheid om in die teenwoordigheid van Jesus gesien te word?

Ek sal privaat met hom gaan gesels.



Meester, ons, die geleerdes van die Jode, weet dat U deur God gestuur is, want niemand kan hierdie tekens doen wat U doen as God nie met Hom is nie.

As iemand nie weergebore word nie, kan hy die Koninkryk van God nie sien nie.



Sê U dan dat ek 'n tweede keer die moederskoot moet ingaan en weer gebore word?

Nee, wat uit die vlees gebore is, is vlees en wat uit die gees gebore is, is gees. Nikodémus, hoor wat ek vir jou sê. Jy moet weergebore word.

Hoe word mens weergebore?



Die geestelike geboorte waarvan Ek praat, is geheimsinnig soos die wind en ons ervaar dit op presies dieselfde wyse. Jy moet hierdie geboorte van bo ontvang alvorens jy die Koninkryk van God kan ingaan.




Soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens ook verhoog word.

Omdat die volk teen God gesondig het, het hulle weens die slangblyte gesterf. Slegs as hulle na die koperslang gekyk het, was hulle oombliklik genees.

Numeri 21: 5-9; Johannes 3:1-14

*Lid van 'n vroeëre Joodse sekte bekend vir hul streng gehoorsaamheid aan die Joodse tradisies en wette.



Ja, nou nog sterf mense weens die slangbyte van sonde. Ek sal egter hierdie keer verhoog word sodat alle mense My kan sien. Diegene wat deur sonde gepik is sal verlossing vind deur in My te glo.

Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. Hy wat in My glo, het die Ewige lewe, maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel.

Wat U dus sê, is dat wedergeboorte die enigste oplossing vir sonde is en dat U op 'n paal geplaas gaan word om die verlossing te bewerkstellig?

Wanneer sal hierdie nuwe geboorte plaasvind?

Nadat Ek verhoog is vir almal om te sien.





Daar was 'n geleentheid waar Jesus en sy dissipel op 'n koppie, met 'n uitsig oor die see van Galilea, gestaan het. 'n Groot menigte mense het uit die stede gekom en Hom gevolg om na Hom te luister.

Wanneer julle geld aan armes gee, moet julle dit nie in die openbaar doen waar ander julle kan sien nie.

As julle godsdiens beoefen sodat julle deur ander mense geprys en bewonder kan word, sal julle nie deur God in die Hemel beloon word nie. So, moenie dat jou regterhand weet wat jou linkerhand doen nie.

Wanneer julle bid, moet julle nie soos die skynheiliges wees en in die openbaar bid sodat hulle deur mense gesien kan word nie.

Wanneer julle bid moet julle nie baie woorde gebruik en herhalings soos julle geloofsleiers nie, want hulle staan in publieke plekke en maak 'n skouspel van hulle aanbidding.

Moenie al jul tyd en energie gebruik om rykdom na te jaag nie. Ryk mense het meer probleme as ander. Hulle liefde vir rykdom is so groot dat hulle moeilik die Hemel kan binnegaan.

Meester, dit is laat en die mense is al die hele dag by ons. Hulle is seker honger en dit is ver na enige stad waar hulle kos kan koop.

U moet hulle nou eers wegstuur sodat hulle kan gaan kos koop.

Moenie jul skatte in hierdie wêreld bymekaar maak nie, maar gaar skatte in die Hemel op waar dit vir ewig sal hou. Julle kan nie twee meesters dien nie, nie God en geld nie. Die uiteinde sal wees dat jy een sal haat en die ander sal liefhê.

Meester, U kan my middagete kry. My ma het vir my vyf brode en twee klein vissies ingepak.

Laat almal sit en dan bedien ons hulle.

Waarmee?





Al die eer
aan God! Prys
Hom!

Net soos met
Moses, gee Hy
ons brood vanuit
die Hemel.

Moeder
sal dit nooit
glo nie!



Solank as die mense brood en vis uit
die mandjies geneem het, het die
voedsel net heeltyd vermeerder.



Meester,
almal het genoeg geëet,
en steeds is die mandjies
vol. **Ons kan hulle nie
leeg kry nie!**

Maak bymekaar wat
oor is, gaan julle dan per skip na
die anderkant van die meer waar
Ek julle later sal sien. Ek gaan
om op die berg te bid.



Jesus is alleen teen die
berg op en Sy dissipels
het in 'n skip geklim en
na die anderkant van
die meer gevaar.

Jesus het gereeld alleen
in die wildernis gaan bid.



Die dissipels het tot in die middel van die meer gevaar toe 'n sterk storm opgekom het. Hulle was bang dat die skip sou sink.

Ek het nog nooit so 'n vreeslike storm gesien nie.

Ons kan nie meer veel hiervan verdra nie.



Ons gaan sekerlik sink!

Kyk! Ek sien iets daar op die water!



Dit lyk soos 'n spook!

Dit is 'n spook!

Dit is 'n man wat op die water loop!



Petrus, dit is Ek, moenie bang wees nie.

Here as dit U, is laat my toe om, net soos U, op die water tot by U te loop.

Petrus, kom na my toe.



Petrus het werklik begin om op die water na Jesus te loop.




Vrees het sy geloof laat wankel en hy het begin sink.



Maar toe Petrus die groot golwe om hom sien en Jesus uit sy sig verloor het, het hy bang geword.







Later.

Weens die feesdae is hier so baie mense. Mense van regoor die hele land en party is van so ver weg as **Rome** en **Egipte**.

Kom laat ons afgaan na die waterpoel.



Hy is hier van so lank as wat ek kan onthou.



Sal jy graag dat Ek jou heel maak?

Ek het niemand wat my kan help nie.



Staan op, tel jou bed op en loop.

U is **Jesus**, is U nie? Ek het gehoor van U wonderwerke.



Wat 'n **wrede grap**. Die arme man is al **38** jaar verlam.

Hierdie is die Heilige **Sabbat**. Hy het geen reg om ons vrede te versteur nie.





Hy sê **God** is
Sy **vader**. Hy durf
homself gelykstel
aan **God**.

**Hou hom
vas!** Hy behoort
gestenig te
word.

**Maak
hom
dood!**



Sal julle 'n man stenin
net omdat hy iemand op die
Sabbat genees het?

Hy weerspreek
ons wette.

Hy het niks
teen die wet
gesê nie.

Luister
net na wat Hy
te sê het.



Luister na My. Julle
staan verbaas omdat ek
hierdie wonderwerk gedoen
het? Julle sal nog meer en
groter wonderwerke as hierdie
sien. My Vader wat uit die dode
kan opwek, het aan My daardie
selfde mag gegee. Die Vader het
my algehele heerskappy oor
hierdie wêreld gegee.

As julle my nie
eer nie, eer julle **God**
nie. Waarlik, ek sê vir
julle dat wie in My glo,
glo in Hom wat my
gestuur het en hy sal
die ewige lewe hê.

Hoe kan
U ewige lewe
gee?

Daar sal 'n tyd aanbreek dat die
afgesterwenes my stem sal hoor en uit hulle grafte
sal opstaan. Die wat goed gedoen het, sal opgewek
word tot die ewige lewe, maar die wat boosheid
bedryf het, sal in die ewige verderf, in die
vuurpoel, gewerp word.

Dit is
Godslastering, geen
mens kan doories opwek
nie. Slegs **God** kan
ewige lewe gee.



Julle glo my nie, alhoewel **Johannes** en ook die Skrifte my koms voorspel het? Deursoek die Geskifte, want baie profesieë daarin getuig van my koms.

Moenie dink dat Ek julle voor God sal aankla nie. Die wette van Moses, wat julle versuim het om te onderhou, sal getuienis teen julle wees.

Hy is die een wat hulle probeer dood maak, tog praat hy met vrymoedigheid en hulle doen niks. Weet die heersers dalk dat hierdie inderdaad die Christus, die Messias van Israel is?

Die skrifgeleerdes leer dat ons nie sal weet waarvandaan die Messias kom nie, maar ons weet dat hierdie man die seun van 'n skrynerker van Galilea is.



Julle sê dat julle my ken en weet waarvandaan ek gekom het. Ek het nie na hierdie aarde deur myself gekom nie. My Vader het my gestuur, maar julle ken nie my Vader nie, maar ek ken Hom en Hy het my na julle gestuur.

Hoe het Hy my gehoor?



Hy weet alles.

Hierdie is die Messias wat daar voorspel was dat Hy sou kom!

Het julle verwag dat die Messias meer wonderwerke as hierdie man sou doen?



Gaan dadelik en **arresteer** die Godslasteraar.

Die mense glo in Hom. Hy moet stilgemaak word.

Dit lyk hierdie keer sleg.



Salig is die wat dors na die **geregtigheid**, want hulle sal versadig word.

Salig is die **vredemakers**, want julle sal kinders van God genoem word. Wees lief vir julle vyande en seën hulle.

As iemand dors het, laat hy na My kom en drink. Die Heilige Gees sal in hom soos 'n fontein wees wat uitborrel tot **ewige lewe**.

Hy klink nie soos 'n misdadiger nie.

Hulle sê hy is die antwoord op 4000 jaar se profesieë.



Hoekom het julle Hom nie na ons gebring nie? Hy het reg voor julle gestaan. Hoekom het julle hom nie gevat nie?

Geen man het al ooit soos hierdie man gepraat nie.

Hy praat van **liefde** en vergifnis.


Ha, het Hy julle ook mislei? Het enige van die geleerde heersers en Fariseërs in Hom geglo? Hierdie Jesus moet sterf.



Nikodémus, die man wat in die nag na Jesus gegaan het en een van Hulle was, het gespreek.

Veroordeel ons wet dan 'n man voordat die wet gehoor het wat hy te sê het?

Nikodémus, is jy ook een van sy **volgers** uit Galilea? Deursoek maar die Geskrifte, daarvolgens kom die Messias nie uit **Galilea** nie. Hy moet wees uit **Betlehem** van Judea en die seun van Dawid wees.



Net so was dit met 'n **Leviet**, 'n man wat gekies is om in die tempel te dien. Hy het lank genoeg gestop om na die gewonde man te kyk, maar hom ook nie gehelp nie.



Wat help dit om te sê dat jy liefde het as jou daade nie jou liefde bewys nie? As jy jou naaste nie lief het nie kan jy God ook nie lief hê nie.

Daarna het 'n **Samaritaan** verbygekom – 'n man wat deur die Jode verag word en deur hulle as onrein beskou is. Toe hy die gewonde man langs die pad gesien het, het dit nie by hom saak gemaak dat die man 'n Jood is nie.



Die Samaritaan het meegevoel vir hom gehad, hy het gestop en hom gehelp.

Die Samaritaan het die man se wonde skoongemaak en hulle verbind. Sy liefde was nie in woorde nie, maar in **dade**.



Die Samaritaan het toe die gewonde man op sy eie donkie gesit en hom na 'n herberg geneem waar hy kon rus en herstel.



Versigtig nou. Ek het jou. Jy sal binnekort in die **bed** wees.

Ek sal jou betaal vir twee weke se verblyf en kos. As sy versorging meer kos, sal ek jou betaal wanneer ek weer hierlangs kom.





ἀρχὴ ἦν ὁ λόγος καὶ ὁ λόγος
ἦν πρὸς τὸν θεὸν καὶ θεὸς ἦν ὁ



HOOFSTUK 9:
WONDERWERKE EN
GELYKENISSE

θεὸν πάντα ἔκτισεν
ὁμοιωσάμενος αὐτῷ ἑαυτὸν ἑαυτῷ ὁ



Elders - waar melaatses woon.

Ek het **dae** laas geëet.

Jy sal doodgaan as jy nie leer om rotte en kokkerotte te eet nie. Dis al manier om aan die lewe te bly.

Ek sal liever sterf. 'n Jaar gelede was ek 'n man van aansien in die gemeenskap en kyk nou net na my.

Aanvaar dit, niemand respekteer jou nou nie. Jy is net 'n melaatse, 'n uitgeworpene.


Ek het ook eers gehoop dat ek eendag gesond sou word en kon terugkeer na my vrou en kinders. Maar ek is nou al tien jaar hier en nog nooit het iemand gesond geword en teruggekeer na die samelewing nie.

Ag man, staak die selfbejammering. Niemand gee om nie, nie eers **God** nie. Kom ons gaan kyk of ons ietsie te eet kan bedel.

Vroeër het my vrou nog die kinders gebring en hulle het van 'n afstand gestaan en met my gesels, maar naderhand het hulle al minder en minder gekom. Die kinders is amper volwassenes en ek twyfel of hulle my sal herken as hulle my nou sien. **Dit is erger as om dood te wees.**

Vandag gaan ons tot by die hoofpad om te kyk of ons nie 'n bietjie meegevoel kan opwek nie.

Ons kan saam stap, dit sal seker veiliger wees. Ek sien ander melaatses voor in die pad.



Ek sien
reisigers wat in die
pad aankom!



Pasop! Dit
is al weer daardie
seuns.

Gaan weg,
julle vuil melaatses!
Gaan sterf op 'n
ander plek.

**Julle vieslike
wurms!** God straf
julle.

**Hardloop!
Hardloop!**



Onrein! Onrein,
ons is almal onrein.

Die melaatses! Moenie
dat hulle naby kom nie. Ons
mag aansteek.



Sal julle genadig
wees? Los asseblief
net 'n happie vir
ons elkeen?

Gee hulle net
iets sodat hulle sal
weggaan.

Gaan weg! **Julle
is besmet.**



Staan terug, dan
sal ons ietsie hier op
die grond los.

Moet net nie nader
kom nie. Laat ek eers
wegkom.



Brood!

Hou vir my ook 'n bietjie!

Kos!

Moenie alles vat nie!



Dis myne!

Jou vraat!

Ooh God!


Brood!
Brood!



Daar kom nou 'n groot groep reisigers aan.

Ons moet versigtig wees want daar is so baie.

Ja, en hulle is almal mans.





Jesus
het gesê ons is
genees.



Ek voel
soveel beter.



Ons is besig om
te verander!



My sere is
gesond.

Jesus het
dit gedoen! Jy
is genees!


Jy is nie
meer lelik
nie!

Ek moet
my vrou gaan
vind!



Geseënd is U, seun van
God, die **koning** van Israel, U het my
lewe teruggegee. God is **genadig**
en barmhartig.

Was daar nie **tien** wat
genees was nie? Tog het net een
kom dankie sê en hy is nie eers 'n Jood
nie. Hy is 'n **Samaritaan**.



'n Man het Jesus gevra of daar baie sal wees wat die ewige lewe sal ingaan en Jesus het geantwoord:

EWIGE LEWE.

Ek sê vir jou, die pad na die ewige lewe is smal en moeilik, en daar is min wat dit sal vind. Maar die pad wat lei na die ewige verderf is breed en gevul met mense wat op pad is na die ewige verdoemenis.

Poog om deur die nou poort in te gaan, want baie sal probeer om die ewige lewe te bekom maar sal misluk. Wanneer die oordeelsdag aanbreek, sal hulle by God pleit en sê, 'Meester, sekerlik het ek aan U behoort? Ek was godsdienstig, het gevas en gebid. Ek het geld geskenk om godsdienste te ondersteun. Ek het selfs in u Naam geprofeteer en duiwels uitgedryf.'

Dan sal Ek aan hulle sê; "Gaan weg voor My aangesig, tot in die vuur, Ek ken julle nie. Daar sal 'n geweens en 'n gekners van tande wees."

Dit is 'n plek waar siele nooit sterf nie en die vuur ook nooit uitbrand nie. Die rook van hulle pyniging sal tot in alle ewigheid opstyg.



Jesus vertel toe nog 'n storie:

Daar was 'n baie ryk man, geklee in die duurste klere en hy het elke dag net die beste kos geëet. Hy was eerlik en regverdig, nie 'n bose man nie, maar hy het altyd net aan homself gedink.

Hy het sy geld opgegaan en elke dag net ryker en ryker geword.



Vat hierdie oorskietkos en gee dit aan die bedelaar wat voor my hek lê. Ek is 'n man vol deernis en barmhartigheid.

Reg so meester, ek is seker hy sal dit waardeer.



My meester het gesê ek moet jou hierdie krummels gee.

Ere aan die Here! God voorsien vir die wat aan Hom behoort. Dit is meer as wat ek verdien. Dank jou meester vir my.

Ek het soveel rykdom, ek sal my skure moet vergroot om al my besittings te berg.



Daardie nag het die Doodsengel besoek afgelê.

Jou dwaas. Jy gaan sterf en vannag nog sal jy rekenskap vir jou siel moet gee.

Hyg! Roggel! Ghuu!

"Dit is bestem vir die mens om eenkeer te sterf en daarna kom die oordeel."

Niemand kan deur re-inkarnasie terugkeer na die lewe nie.



Terwyl die begrafnis van die ryk man plaasvind, ontdek hulle dat Lasarus ook intussen dood is.

Dit is die bedelaar, **Lasarus**. Hy het ook gedurende die nag gesterf. Hy lyk so rustig.

Die liggaam van Lasarus was op 'n sleepwa gesit en na 'n plek geneem waar die karkasse van diere verbrand word. Daar was geen begrafnis en niemand het oor Lasarus getreur nie.



Maar Engele het Lasarus kom haal en het hom na die paradys geneem.

Lasarus, ons broer, welkom tuis. Jy sal nooit weer honger ken nie en jou liggaam sal nooit weer pyn nie. Kom, ons het 'n tafel vir jou gedek.

My wêreld! Wat 'n rit! Ek het nooit kon dink dit is soveel pret om dood te wees nie.


Die ryk man het net die beste begrafnis gehad en die mooiste graf. Almal wat lief vir sy geld was, het gekom om te kyk wat hy aan hulle nagelaat het.

Hy was 'n goeie man.

Hy het wel soms hard teenoor sy geliefdes voorgesê, maar ons sal altyd onthou dat hy lief vir sy volk was en dat hy eerlik in sy bedrywighede was.

Hy sal nou sy loon ontvang. Mag sy siel in ewige vrede rus.

Maar toe die ryk man sterf, het hy homself in die bodemlose put bevind.





Help my! O,
Here, iemand help my!
Ek is hier tussen die
vlamme!



Vader **Abraham**, wees my
genadig. Ek sien Lasarus daar oorkant.
Laat hom sy vinger in die water druk en
stuur hom om my tong af te koel, want
ek ly smarte in hierdie vlamme.

Seun, ek sou jou help as ek kon,
maar daar is 'n groot gaping tussen ons,
en onder die gaping die poel van vuur. Ons
kan nie oorgaan om jou te help nie en nog
minder kan jy na ons toe oorkom.

Stuur dan vir Lasarus na
my vader se huis sodat hy my
vyf broers kan waarsku. Ek wil nie
dat hulle ook in hierdie verskriklike
plek van marteling beland nie.

Hulle het die
skrifte van **Moses** en die
profete. Laat hulle die
Woord glo.

Maar dit sal hulle
nie oortuig nie. As hulle die
wonderwerk van 'n opstanding
sien sal hulle moontlik hulle
lewe verander en tot
bekering kom.

As hulle nie die skrifte glo
nie, sal hulle ook nie glo al sien hulle
iemand wat uit dit dood opgestaan het nie.
Dit is vir jou te laat en hulle moet hul eie
besluite neem. Ek is jammer. Daar
is niks wat ek kan doen nie.



Haai, ouens, hoe lyk dit met 'n bietjie pret? My liefde is goedkoop.

Meester, moet jou nie aan haar steur nie, dit is te laat vir iemand soos sy.



Die Heilige skrifte sê, "Jy mag nie egbrek nie."

Hoor hier, ek is 'n gelowige vrou. Ek glo in God.

Satan het jou mislei. Daar is net een einde vir jou en dit is die vuurpoel.



Hoor wat jou vriend sê. Dit is te laat vir my want ek leef al hierdie lewe van jongs af.

Dit is nooit vir God te laat nie. As jy na Hom toe kom met berou oor sondes, sal Hy jou vergewe en jou siel herstel.



Eeeeeaaaiiii!

My siel behoort aan Satan, maar ek sal dit aan God gee as Hy net...net...ne...

Sy is vol duiwels!

Staan terug!





Meester, ek het alles sien gebeur en dit was wonderlik. Ons godsdiensteilers het Maria Magdalena in die daglik vermy, maar sommige het haar in die nag besoek. U het haar 'n nuwe lewe gegee.

Sal U en die dissipels na my huis kom en by my kom eet? Ek wil graag dat my vriende ook hiervan moet hoor.

Ons sal volg.



Sê vir ons, Jesus, hoe kan 'n mens opreg en rein leef in hierdie sondige gemeenskap? As ons nie so 'n bietjie kul nie sal ons van honger omkom.

Moenie vir die verganklike arbei nie, maar vir dit wat tot in ewigheid duur. Moenie net aan jou eie rykdom dink nie, maar eerder hoe jy 'n seën vir ander kan wees.

Die lewe is meer as net kos en klere. As God dan die lilies van die veld klee sal Hy julle nie ook klee nie?

Die tyd gaan kom wanneer elke mens voor die regterstoel van God gaan verskyn en rekenskap sal gee van elke daad wat hy gepleeg het, of dit nou goed of sleg was.



Moet nie maak soos julle skrifgeleerdes nie, want hulle preek een ding en lewe iets anders. Hulle is soos kruike wat skoon aan die buitekant maar binnekant vuil is.

As julle geregtigheid nie meer as hulle sin is nie, sal julle nooit die koninkryk ingaan nie.




So, U ontvang sondaars en sit saam aan tafel met hulle. Ek sien hierdie Maria Magdalena is hier saam met die sondaars. Hoe kan U voorgee dat U so heilig is en dan saam met sulke mense eet?

Ek gaan aan jou 'n storie vertel en ek hoop dit sal die *hart* van God verduidelik.



'n Sekere man het twee seuns gehad. Die jonger seun was rebels en sy neiging was na die vleeslike en hy het sy losbandige begeertes nagejaag.

Sjoe, ja, ek hou van die storie.



Hy het daarop aangedring om sy erfporsie dadelik te kry.

Vader, as jy my erfdeel van die plaas nou aan my gee, kan ek in die stad my fortuin gaan soek.

Maar my seun, alles wat ek het, is mos ook **joune**. Ek gaan nie meer lank leef nie en dan sal jy en jou broer tog als erf. Julle sal gemaklik leef vir die res van jul lewens. Ons het baie skape en beeste. Ons lande is elke jaar vol graan. Ons het baie bediendes en nog baie meer...

Maar ek wil wegkom om die wêreld te sien. Ek wil nie vir ewig op 'n plaas bly en vir die res van my lewe soos 'n slaaf werk nie. Tervyl ek nog jonk is wil ek genot hê. My vriende....

Jou vriende is lui nikswerds. Al waaraan hulle dink is vinnige perde, wyn en los vroue.

Gee dit vir hom, vader. Ons sal beter af wees sonder hom. Hy doen in elk geval nooit sy deel nie.

Ag, vader, wat weet jy van die **lewe** af? Jy was jou lewe lank vasgekluster op die ou plaas. Ek wil nou my erfporsie hê. Ek gaan stad toe om my eie lewe te lei.



Die vader gee toe aan die jonger seun sy erfdeel. Sy plesier het hy gaan soek in 'n ver land se groot stede.

Reg so, dis mos nou die lewe - niemand om vir my te sê wat ek mag doen nie.





Haai, wat het ons hier? 'n Plaasjapie? Hy mag aantreklik wees as ons net sy gesig kon sien.

Haai, seun, as jy op die uitkyk is vir aksie sal jy daai baard van jou moet skeer en ander klere kry.



Jou kalant. Jy lyk glad nie sleg in jou nuwe klere nie.



Dis gaaf dat jy saam met ons kom eet het.

Is hy nie aantreklik vandat hy daardie lelike ou baard afgeskeer het nie?



'n Heildronk op ons nuwe vriend. Mag hy net **vreugde** en **geluk** vind.

...en liefde.



Kelner, bring nog wyn vir my vriende.



Kan ons tweekies nie bietjie na jou woonstel toe gaan nie?



En so, ver van sy mense en huis, het die jong man spandabelrig gelewe. Solank as wat hy geld gehad het, het hy baie vriende gehad.

Toe breek die dag aan dat sy roekelose najaag van plesier al sy geld verkwis het – maar hy het nog baie ryk vriende gehad.



Wat bedoel jy, jou geld is op? Ek dag jy is ryk?

Ja wel, dit kos baie om hier te woon, en met my laaste geldjies het ek gedobbel maar dit toe op die perde verloor. Ek het werklik gedink my perd sal wen, en ek het gehoop ek ...



Wil jy vir my sê jy is platsak? Hoe gaan jy die rok koop wat jy aan my belowe het?

Ek het gehoop dat jou pa my in diens sal neem om 'n paar van sy beleggings te bestuur.

Om te werk?



Ek kan nie glo dat ek besig is om varke te voer nie – hierdie vuil, onreine diere.

Ek het gedink ek het vriende. Hulle wil nou nie eers met my praat nie. Maar ek gaan 'n beter werk kry en gou gou sal ek sommer weer bo uitkom.

Oink,

Slurpp...

Snorkk.....



Ek gee nie om hoe siek jy voel nie. Gaan uit en pas die varke op of ek dank jou af en kry iemand anders. **Nou, weg is jy en opskud!**

Seker meneer, ek is jammer. Ek sal dadelik gaan, meneer.



Ek verdien nie eers genoeg om behoorlik te eet nie. Ek is seker my vriende eet heerlik.



Kyk wat het van my geword. Ek kry koud en is honger en moeg. Ek wil selfs die varke se kos eet. My vader se werkers het 'n oorvloed kos, meer as wat hulle nodig het. As ek maar net kon...maar nee, ek kan nie teruggaan nie, nie na die wyse waarop ek daar weg is nie. Hulle sal my verag.



Ek was so 'n dwaas. Ek wonder as ek terugkeer en vra om 'n werk? Ek het wel my erfposse verkwaansel, maar ek kan dalk daar werk as hulle my sal toelaat.




Ek gaan terug huis toe.

Jou gek! Jy het geen geld nie. Jy sal duisende myle moet loop.



Na weke en weke se reis was hy amper tuis.

Ek is amper tuis. Ek het geen reg om hierheen te kom en gunsies te vra nie. Ek sal net sê, "Vader ek het gesondig en ek is nie meer waardig om jou seun genoem te word nie. Maak my asseblief soos een van jou huurlinge."





Slag die beste kalf, maak gereed vir 'n fees en nooi gaste. Ons het rede om met groot blydschap vandag fees te vier.



Ek is verheug dat julle saam met my kan deel in die blydschap van hierdie wonderlike geleentheid. My seun is nog swak weens sy beproewinge, maar met goeie versorging en gesonde kos sal hy gou weer aansterk. **Hierdie is die beste dag van my lewe.**



Die ouer broer was vir 'n paar dae weg en met sy terugkeer, ontdek hy dat daar 'n feesmaal gevier word.

Waaroor gaan al die musiek en dansery wat ek hoor?

Jou kleinboet het in 'n haglike toestand teruggekeer. Hy is siek en arm. Jou vader vier met groot vreugde sy terugkoms. Gou, gaan binne en sluit aan by die fees.

Ek weier om deel van hierdie belaglikheid te wees. Hy het in sonde en skande gelewe.

Die dienskneg het aan die vader gaan vertel wat sy oudste seun gesê het en die vader het toe self met sy seun gaan praat.



Ek soek al so lank na hom en ek het gedink hy is vir ewig verlore. Ek het 'n punt bereik waar ek al hoop wou opgee en hier kom hy vandag aangestap. Kan jy in so 'n **bestiering** glo? **God is goed!**

Vader, ek kan nie glo dat jy saam met so 'n sondaar fees vier nie. Ek weier om aan so iets deel te neem.



Dit is 'n mooi storie, maar skimp U dalk dat ons soos die ouer broer is?

Hy wat ore het om te hoor, laat hom hoor.





Jesús
en sy dissipels
wag buite by
die hek.

Sê aan hulle om liever
daar vir my te wag. Dit is gevaarlik
vir hulle om in te kom met al die
Fariseërs en priesters teenwoordig.
Hulle soek na Hom om Hom
dood te maak.

Neeeeee!

Arme
Lasarus!



Here, as U tog net
hier was, sou my broer nie
gesterf het nie. Maar selfs nou
kan U enigiets van God vra en
Hy sal dit vir U doen.

Jou broer sal
weer uit die dood
uit opstaan.

Ja, ek weet dat
hy weer sal opstaan
by die opstanding wat
sal plaasvind aan die
einde van die tyd.



Ek is die
opstanding en die
lewe.

Hy wat in my
glo, al is hy dood,
sal weer lewe. Ook
die lewendes wat in
my glo sal nooit sterf
nie. Glo jy dit?



Ja, Here.
Ek glo dat U die
Messias is, die
Seun van God, van
wie daar geprofeteer
was dat Hy in die
wêreld sal kom.



Nadat Martha met Jesús
gepraat het, het sy die
bediende gestuur om
Maria te roep.

Kom. Sy
gaan na die
graf om daar
te treur.

Ohhhhh.....



Here, as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie.

Waar het julle hom neergelê?



Ons verlang so na hom.



Kyk hoe lief was Jesus vir Lasarus.

Kon hy wat die **blindes** weer laat sien het, nie verhoed dat sy vriend sterf nie?



Rol weg die klip.

Maar Here, teen die tyd ruik hy al sleg want hy is al **vier** dae dood.

Het ek nie aan jou gesê dat as jy in my glo jy die almag van God sal sien nie? Rol weg die klip.

Vader, ek dank U dat U my altyd verhoor. Hierdie gebed doen ek nie vir my eie onthalwe nie maar ek bid sodat almal wat hier is sal glo dat U my gestuur het. Vader, word verheerlik.



**Lasarus,
kom uit!**

Die keer
het hy te ver
gegaan.

Ja, hy is besig om
'n gek van homself
te maak.



Die liggaam
is al besig om
te ontbind.

Wanneer die
mense sien hoe 'n bedrieër
hy is, sal dit vir ons makliker
wees om hom te arresteer
en te dood.



Wat nou?
Ek glo dit
nie!

**Dit kan
nie wees
nie!**



**Ere aan
God!**

Whoeeee!



Hy het dit
gedoen, Maria!
Hy het dit
gedoen!

Hy lewe!
Na vier dae,
lewe hy!



Nadat Lasarus vier dae dood was, het hy uit die graf gekom, van kop tot tone steeds in sy graf kleed gebind.

Maak hom los en laat hom gaan!

Wie behalwe die **Almagtige God**, kan so iets doen?



Waaroor is die *bohaai*? Help my uit hierdie graf kleed uit.

Jy was vier dae dood.

Meester, dit is goed om U te sien. Ek neem aan dat U my teruggebring het?



Oo, Lasarus, ons het so na jou verlang.

Ek is **honger**. Stuur die rouklaers huis toe sodat ons kan **eat**.

Geseënd is U, O, **Here** onse **God**.



Kan julle glo wat ons nou net gesien het? Daar is geen manier dat Hy ons kon flous nie. Voordat hulle Lasarus begrawe het, het ek hom self gesien en hy was so dood soos laas jaar se Paaslam.

Ons sal dadelik die Wetsgeleerders en Fariseërs moet gaan inlig.

As Jerusalem hiervan hoor, sal hulle Hom wil koning maak. Iets moet gedoen word en gou.



Daardie Jesus het vandag 'n groot kunsie bewerk. Al die mense wat dit gesien het is oortuig dat hy 'n man uit die dood opgewek het.

Dit maak nie saak hoe hy dit gedoen het nie, indien hy nie gestop word nie, sal hy die harte van die mense steel.

As die volk weer in opstand kom, mag die Romeine ons heerskappy wegneem. Hulle verwag dat ons die vrede sal bewaar.



Maar Jesus het nog nooit aggressief opgetree teen Rome gepraat nie.


Sy woorde is vol **aggressie!** In die openbaar noem Hy ons skynheilig. Nou lag die mense ons uit en spot openlik met ons.



Ons moet Hom wegmaak. Hy sal homself nie uit die dood kan opwek nie.

Dit moet spoedig gebeur, voordat hy alle respek vir ons en ons geloof verwoes.

Ja, voordat die Romeine aksie teen ons neem.



Hulle het my verwerp en wil my doodmaak. Hulle verstaan nie dat Ek as hulle Verlosser gekom het nie. Ek sê julle dat, nadat Ek weg is, Rome, die tempel wat hulle so lief het, sal verwoes. Nie een steen sal staande bly nie.

Die tyd sal aanbreek wanneer die wat my aanhang in die gevangenis sal beland. Julle sal deur al die volke gehaat word, net omdat julle my lief het. Sommige van hulle sal julle doodmaak. Ander sal weer uit hulle huise gedryf word en nie toegelaat word om te werk nie.

Moenie verbaas wees wanneer julle hierdie dinge sien gebeur nie, want daar sal baie oorloë, aardbewings, siektes, hongersnood, en katastrofes van alle soorte wees, maar die einde sal nie met die dinge kom nie.

Hierdie is maar die begin van die tyd van beproewings. Jerusalem sal deur heidene beset word, totdat die tyd van die heidene uitgespeel is. As iemand aan julle sê dat ek terugkeer het en dat julle hiernatoe of daarnatoe moet gaan om my te ontmoet, moet hulle nie glo nie. Daar sal vele wees wat sal voorgee dat hulle ek is, of voorgee dat hulle namens my praat.

Maar wanneer ek terugkeer, sal dit soos weerlig wees. Elke oog sal my sien. Die dooies sal opgewek word en ek sal my koninkryk op aarde vestig. Maar voor hierdie tydperk aanbreek sal daar groot verdrukking wees, erger as wat die wêreld al ooit gesien het.











Ek waarsku julle, nadat ek weg is, sal hulle julle ook gevangene neem, julle sal gemartel en sommige sal doodgemaak word. Julle sal getuig van my liefde en almag. Wanneer hulle julle voor 'n hof bring, sal ek die woorde in julle monde plaas. Kinders sal teen hulle ouers getuig, en ouers teen hulle kinders. Julle sal gehaat word omdat julle my ken. Baie valse profete sal verskyn en aanspraak maak dat hulle my verteenwoordig. Die Heilige Gees sal met julle wees.

Meester, wat is die teken van U terugkeer na die aarde en van die einde van die tyd?

Wanneer iemand sê dat ek op 'n sekere tyd gaan terugkom of dat ek in 'n sekere plek is, moet hulle nie glo nie, want ek sal terugkeer maar dit sal soos weerlig, skielik en onverwags wees. Wees getrou aan my tot die einde en julle sal die oordele wat oor die sondaars kom, vryspring. Wees op die uitkyk want julle sal nie die dag of die uur weet wanneer ek sal terugkeer nie.

Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees voor ek terugkeer. Die mens was besig met sy eie plesier en het niks vermoed totdat die vloed hulle oorval het nie. Ek sal skielik kom, soos 'n dief in die nag.

Twee manne sal besig wees om in 'n veld te werk. Die een sal opgeneem word om my te ontmoet en die ander sal agtergelaat word om te ly.

Twee vroue sal saam graan maal. Een sal geneem word en die ander agtergelaat word. Wees waaksam en wees gereed want ek sal kom op 'n dag dat julle dit nie verwag nie.

Meester, ek moet 'n man in die stad gaan sien. Ek sal later terug wees.

Gaan maar, Judas, en doen wat jy moet.

As die prys reg is, kan ek Jesus aan julle uitlewer.

Maar is jy nie Judas nie? Een van sy dissipels nie?

Die uur het aangebreek dat Ek verheerlik gaan word. Tensy 'n koringkorrel nie in die grond val en doodgaan nie, bly dit alleen. Maar as dit doodgaan en weer ontkiem sal dit vermeerder tot 'n menigte koringkorrels.

Ja, ek is al drie jaar saam met Hom, maar ek is nou moeg daarvoor. Hy praat deesdae lawwigheid en ek het die geld nodig.

Nou is My siel beangs, wat mag Ek vra? Vader verlos my in hierdie uur? Nee, want dit is juis om die spesifieke rede dat Ek na die wêreld gekom het.



Vader, mag U naam verheerlik word!

Ek het reeds my Naam verheerlik en sal dit weer doen.

Die Here God het met hom gepraat!

Dit het soos donderweer geklink!

'n Engel het met hom gepraat



Die stem was nie om My onthalwe nie, maar vir julle bedoel. Nou het die tyd aangebreek dat die prins van hierdie wêreld, dit is Satan, oorwin sal word. Wanneer Ek aan die kruis opgelig word om daar te sterf, sal Ek alle mense na my laat nader.

Ons weet dat die profete gesê het, die Messias sal vir ewig lewe, maar U sê U sal sterf; wie is dan die Messias?

As enigiemand My en My woorde verwerp, verwerp hy God. Ek is die lig van die wêreld. As julle in My glo, sal julle nie in duisternis wandel nie maar julle sal die ewige lewe verkry.

Julle sal die Lig van die wêreld slegs nog 'n klein rukkie langer met julle hê. Glo in die Lig terwyl dit nog by julle is, sodat julle seuns van God kan word.

Klink vir my na malligheid.



ἀρχὴ ἦν ὁ λόγος καὶ ὁ λόγος
ἦν πρὸς τὸν θεὸν καὶ θεὸς ἦν ὁ
λόγος ὁ αὐτὸς ἦν ἐν ἀρχῇ πρὸς τὸ



HOOFSTUK 10:
PAASMAAL EN LYDING VAN JESUS
CHRISTUS

ὁ ὡρι
οὐγεν ἐν αὐτῷ ζῶν ἡ





Dit is een van julle, hy wat sy hand saam met myne in die bak druk.



Ons het almal ons brood in die bak ingedruk.

Johannes het, met 'n fluisterstem, Jesus gevra wie hom sou verloën. Jesus het gesê, "Die een aan wie ek hierdie stukkie brood, nadat ek dit gedoop het, gee."



Meester, is dit ek?

Jy sê so.



Jesus het die brood gedoop en dit aan Judas gegee.




Dit wat jy doen, doen dit vinnig.



Waar gaan Judas?

Die Meester het aan hom gesê om vinnig iewers heen te gaan; aangesien hy die geldsak dra, gaan hy seker skenkings aan die armes gee.









Volg my saggies. Ons gaan na ons geheime plek om daar te bid.



Moenie bedroef wees omdat ek gesê het dat ek binnekort weggeneem sal word en dat julle my dan weer na 'n klein rukkie sal sien nie.

Want alhoewel julle sal ween, sal julle droefheid in groot vreugde verander. Ek het van die Vader gekom, en binnekort sal ek na Hom terugkeer.

Nou praat U reguit en ons glo.


Glo julle nou? In 'n baie kort tydjie sal julle almal my verlaat en verstrooi word. Bly hier terwyl ek 'n entjie vërder gaan om te bid.



Vader, die uur het aangebreek. Die taak wat U my gegee het, is **volbring**. Verheerlik my tot die heerlijkheid wat ek by U geniet het voordat die wêreld geskape is. Ek het hulle van U geleer en hulle het my woorde ontvang.

Omdat ek die wêreld oor hulle sonde aangespreek het, het die wêreld my gehaat en daarom sal die wêreld hulle ook haat. Hulle is nie van hierdie wêreld nie. Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die bose een sal bewaar.

Ek bid ook vir die wat deur hulle woorde, in My sal glo. Ek wil dathulle by my sal wees soos ek by U is. Vader mag die liefde waarmee U my liefgehad het in hulle wees en Ek in hulle.



My siel is geweldig bedroef, selfs tot die dood toe.



Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker van toorn, wat ek moet drink, my verbygaan. Nogtans nie my wil nie Vader, maar U wil. Ek sal dit drink as ek moet.



Vader, as dit moontlik is laat hierdie beker by my verbygaan.

Jesus het in die wêreld gekom om ons sondelas te dra, maar toe die oomblik aanbreek, het Hy die skande van die kruis verafsku. Dit het beteken dat Hy in daardie oomblik sonde moes word vir ons almal en vir alle tye.



Maar nogtans nie my wil nie; maar laat U wil geskied.

Jesus het groot druppels bloed gesweet.



Skielik het 'n engel uit die hemel aan Jesus verskyn en hom versterk.

Heilige Een, U uur van lyding het aangebreek maar die Vader is met U. Die hemelse leërmag sal môre toekyk wanneer U die sondes van die wêreld op U neem.

Ons was daar toe U die wêreld geskape het; ons sal daar wees wanneer U die wêreld red.



Môre sal Satan oorwin word en die sondeskuld ten volle betaal wees.

Abraham en al die heiliges wag op U koms. 'n Tafel is vir U voorberei in die teenwoordigheid van U teëstanders; U beker loop oor. Sekerlik sal goedheid en guns U volg en U sal in die huis van die Here bly tot in alle ewigheid.

Staan op. **Judas**, die seun van die verderf, is op pad om U te verrai.





Jesus van Nasaret.

Dit is ek.



Pasop! Hy het kragte!

Die soldate was bang vir Jesus en het agteruit getree en neergeval.



Dit is hy. Waarvoor is julle bang? Vang hom!



Julle sal my meester nie neem nie.



Shwiesss!

Eeiinaaa!





Hou aan beweeg, hulle wil hierdie ding verby kry voordat die mense daarvan hoor.



Hulle het Jesus gebring tot waar die priesters en getuies bymekaar was.

Hulle sê dat jy beweer dat jy die **Messias** is en ook dat **God** jou vader is. Jy sê dat jy nie van hierdie wêreld is nie. Waarvandaan kom jy dan?

Ek het oral in sinagoges en in die tempel onderrig. Ek het niemand in die geheim geleer nie. Hoekom vra jy my? Vra die wat my gehoor het want hulle weet wat ek gesê het.



Jy antwoord nie die **hoëpriester** op daardie manier nie.



As ek verkeerd gepraat het, gee dan getuienis van daardie verkeerdheid. Maar as ek reg gepraat het, hoekom slaan jy my.



Bring die getuies teen die man in.



Hy het gesê dat hy die tempel kan verwoes en dit weer in **drie dae** sal kan herbou.

Nee, hy het gesê dat as iemand anders die tempel verwoes, dan sal hy dit herbou.

Dit is **belaglik**. Hoe kan hy sy eie liggaam in drie dae herbou?

Jy was nie eers daar gewees nie. Ek het gehoor wat hy gesê het. Hy het na homself gewys toe hy daarvan gepraat het om die tempel te verwoes. Ek dink hy was besig om van sy eie liggaam te praat wat verwoes sal word.

Ek weet nie. Hoe kan hy die tempel in drie dae oprig?



Hoor jy nie hoe beskuldig hulle jou nie? Gaan jy nie jouself verdedig nie?



Jesus het stil gebly.

Die dwaas sal nie antwoord nie.



Ek besweer U by die lewende God dat U vir ons sê of U die Christus is, die seun van die lewende God.

Ek is die seun van God. En u almal sal my sien sit aan die regterhand van die krag van God en waar ek op die wolke sal terugkom na hierdie aarde.



Ons het geen meer getuies nodig nie. Ons het hom met ons eie ore gehoor. Hy laster omdat hy beweer dat hy die **seun van God** is. Hy verdien die **dood!**

Blindboek hom, dan sal ons sien watter gehalte profetie hy is.

As 'n teken van sy groot smart het die priester sy klere geskeur.



Slaan hom! Hy het my besigheid in die tempel verwoes.

Kyk of hy nog kan profeteer.

Laat hom nou 'n **wonderwerk** verrig.



Kyk net hoe swak is hy!

KRAAK!

KLAP!

WHOEP!

Slaan hom weer!

Profeteer en sê vir ons wie jou geslaan het. Jy sê mos jy is 'n profeet.

Genees jou wonde. Wys ons 'n **wonderwerk**.

Intussen, buite die tempel, het Petrus Jesus van 'n afstand af gevolg.



Ek ken jou! Ek het jou saam met daai man Jesus gesien. Jy is een van sy **dissipels**, is jy nie?

Ek ken **Jesus** nie. Ek wil net sien wat aangaan.



Ek het jou vanaand in die tuin gesien! Jy is die een...

Man, is jy **laf?** Ek is maar net 'n arm visserman. Ek ken nie hierdie Jesus nie.



Ja, jy is waarlik een van sy dissipels. Ek het jou al 'n paar keer saam met hom gesien.

Vervlaks, vroumens, ek het nog nooit tevore hierdie man gesien nie.



Koekelkoe - Koekelkoe.
Koekelkoe - Koekelkoe.

Die haan... Hy kraai 'n bietjie vroeg, of hoe?

Daar bring hulle Hom uit. Lyk my hulle het Hom 'n harde tyd gegee.



Hulle sê ons moet Hom na die owerstes neem om gevonniss te word.

Die vet skynheiliges, hulle wil hê ander moet hulle vuil **w**erk vir hulle doen.



Slaan hom met 'n sweep!



Petrus hoor die haan kraai en onthou toe die woorde van Jesus, dat hy Hom drie keer sal verloën nog voor die haan 'n tweede keer kraai. Hy was skaam oor sy lafhartigheid.







Hy is te vër weg!



Dit is vreeslik! Sy ingewande en bloed is oral oor die veld versprei!

Ag sies - ek voel siek.

Hierdie gebeure was ook deur die profete voorspel.



Wie het julle nou weer voor my gebring, nog 'n lasteraar? Neem hom weg en oordeel hom volgens julle eie wette.

Hy verdien om te sterf, anders sou ons Hom nie na u gebring het nie. U het ons mag weggeneem om 'n lasteraar dood te stenig, daarom kom vra ons toestemming.

My koninkryk is nie van die wêreld nie. As dit so was, sou my dienaars geveg het om my lewe te bewaar.

Wat het Hy verkeerd gedoen?

Hy maak daarop aanspraak dat Hy 'n koning is.

Is jy die koning van die Jode?



Is jy dan 'n koning?



Ek het in die wêreld gekom om van die waarheid te getuig. Elkeen wat in die waarheid glo, luister na wat ek sê.



Hy het geen misdaad gepleeg waarvoor Hy die doodstraf verdien. Wat wil julle hê moet ek met hom maak?

Kruisig hom, kruisig hom!

Vat hom weg en gësel hom.



Hoeveel
houe met die
Karwats?

Hulle het gesê
Hy moet die maksimum
houe kry, **nege en
dertig** sweepslae.

Nou sal ons sien
hoe sterk en magtig
die prediker is.

'n Karwats is 'n sweep met 'n agtien
duim lange hout handvatsel, met nege leer
toutjies, ongeveer 'n meter lank, waaraan
skerp klippies, of bene of metaal aan die
eindpunte daarvan vasgemaak is.



Auuuuu!

Slaan harder.

Waar is sy
vriende **nou?**

Hy het nog
nie om genade
gesmeek nie.

KLADI!

Hy sal waarskynlik
hiervan sterf, en dan sal
ons klaar wees met sy
wonderwerke.

Vyf en dertig.

Ses en dertig.

Sewe en dertig.

Agt en dertig.

Nege en dertig.



















Dit het donker geword en vir drie uur lank so gebly terwyl Jesus aan die kruis gehang het. Dit was die uur van duisternis. Die mens Christus Jesus was besig om te ly en sterf vir die sondes van die wêreld.



Toe die volle gewig van die wêreld se sonde op Jesus neerkom, roep Hy uit:

My God, My God, waarom het U my verlaat?



VIR ONS HET GOD HOM SONDE GEMAAK.

Vader, in U hande gee ek my gees oor.

Ag Johannes, Hy sterf! Ek kan regtig nie glo dat dit Sy einde is nie!

Dit is volbring!

Toe sterf Hy.





...ν αρχη ηνν ο λογοσ και ο λογοσ
...ν προς τον θεον και θεοσ ην
...ογοσ ουτοσ ην εν αρχη προς το
...εον παντα δι αυτου εγενετο κα
...χωρισ αυτου εγενετο ουδε εν
...ονεν εν αυτω ζωη ην και η ζω
...το πωσ των ανθρωπων και



**HOOFSTUK II:
OPSTANDING UITSTORTING VAN DIE
HEILIGE GEES VROEË KERK**



Julle weet, Hy het ons soveel kere vertel dat hierdie dinge sou gebeur. Wat ek nie verstaan nie, is dat dit is asof Hy op die manier wou sterf. Hy het geweet van die tyd en omstandighede en gisteraand nog het Hy aan ons vertel wat en hoe dit sal gebeur.

Roer julle litte. Dit word laat.



Ons het nie tyd gehad om die salf vir sy liggaam voor te berei nie.

Ons sal terugkeer nadat die Sabbat dae verby is.

Maar dit sal eers oor drie dae wees!

Dit is al wat ons nou kan doen.

Kom hierlangs in. Pasop die trap.



Die priesters keer terug na Pilatus.

Meneer, hierdie bedrieër wat u laat kruisig het, het gesê dat hy na drie dae in die graf, weer sal opstaan.

Dit sal 'n ramp afgee as sy dissipels sy liggaam dalk wegdra. U moet liever wagte voor sy graf plaas om so iets te verhoed.

Ek sal wagte stuur. Maak dit so veilig soos julle kan.



Maak nou seker dat niemand hierdie seël breek nie.


Niemand sal by my manne verby kan kom nie.















Hierdie Jesus van Násaret wat gekruisig is, het Hy nie beweer dat hy die **Christus** en gelyk aan die **Vader** is nie? Jesaja het mos gesê dat Hy die 'Almagtige God en die Ewige Vader' genoem sal word. Het Jesus nie self gesê dat as iemand Hom gesien het hulle ook die Vader gesien het nie? Sy bewerings is tog gegrond in die **heilige skrifte**.



Die profeet Jesaja het ook gesê dat die Messias sal kom wanneer daar geen **koning** in Israel of Juda sal wees nie en so is dit huidiglik. Jesaja het verder gesê dat hy uit 'n maagd gebore sal word. Volgens die profeet Miga, sal hy in die dorp **Bethlehem** van Juda gebore word en Hy was.

Baie profesieë voorspel dat Hy uit die stamboom van Koning **David** sal kom. Beide Josef en Maria is afstammeling van David.

Jesaja het ook geprofeteer dat Hy deur Israel versmaai sal word. Vir 30 stukke silwer sou Hy deur 'n vriend verraai word. Die profete het Sy lyding voorspel, dat Hy homself nie teenoor sy aanklaers sal verdedig nie, dat Hy gewond en verbrysel sal word en dat hulle Sy baard sal uitpluk. Hulle sal Sy naaktheid aanskou en in Sy gesig spoeg. So genadeloos sal Sy rug geslaan word dat sy voorkoms misvorm sal wees, meer as enige ander mens s'n.



Die profeet Sagaria vertel ons dat die Verlosser deurboor gaan word, en dat Sy vriende Hom sal slaan en wonde in sy hande gaan maak, maar dat Hy soos 'n lam na die slagting gelei sal word. Al hierdie dinge sal Sy dood veroorsaak en Hy sal in 'n ryk man se graf begrawe word.

Die profeet het voorspel dat deur Christus blindes siende sal wees en dat Hy die gevangenis sal oopsluit en dat hy die Herder van Israel sal wees, die lang verwagte Verlosser.



Maar hierdie was 'n tragedie waaroor Hy geen beheer gehad het nie. Het Jesus dan nie gesê dat geen mens sy lewe van hom kan neem nie, maar, uit Sy eie wil sal hy sy lewe neerlê. Jesaja het gesê dat dit die wil van die Here was om Hom te verbrysel, want Sy siel was 'n skuldoffer vir sonde. Vir die sondes van ander is Hy gestraf. Hy het die sondes van baie op hom geneem en baie sal deur Sy dood geregverdig word.



Tog, was Sy dood nie die einde nie. Jesaja het voorspel dat Sy lewe na die dood sou voortgaan en dat Hy hoë aansien sal geniet en baie eer sal ontvang. Hy sal redding tot die uithoeke van die aarde bring. Hy sal nie knak nie. Die Messias sal 'n nuwe verbond wees.

Hy sal 'n regter wees en Hy sal oor 'n hernieude Israel in 'n nuwe stad op 'n nuwe aarde regeer. Daar sal 'n dag aanbreek dat elke knie voor hom sal buig en elke tong sal erken dat **Hy die Here is**.

So, vertel my, waarom is julle so bedroef? Het julle dan nie by die vrou gehoor dat die engele gesê het dat Hy uit die **dood** opgestaan het nie?

Wonderbaarlik!





Dit is my woning. Asseblief meneer, dit is al laat in die dag. Kom oornag by ons. Ek wil graag meer oor die profesieë van Jesus hoor.



Meneer, ons sal geëerd wees as U die seën oor ons brood uitspreek.



Geseënd is U, O Here onse God, Koning van die Heelal, U wat brood uit die aarde voortbring. Vir die brood dank ons U.



Neem dit en eet.

Jesus! Dit is U!

Meester!



Hy het verdwyn!

Hy is weg!

Dit was die heeltyd Jesus!



Geen wonder dat Hy al die profesieë geken het nie.



Jesus lewe! Die dood kon Hom nie hou nie! Hy is lewendig! Kom ons gaan terug Jerusalem toe sodat ons Sy dissipels kan vertel.









Die dissipels is toe terug na Jerusalem, soos Jesus hulle beveel het, en daar het hulle vir tien dae volhard in gebed, wagtend op die belofte vir Krag van bo. Hulle was bang om in die openbaar van Jesus se opstanding te praat, eer hulle ook die doodstraf sou kry.



Skielik het die plek waar hulle gebed het begin skud en 'n magtige rukwind het deur die kamer gewaai en daarna het tonge van vuur op elkeen van hulle neergedaal.



Hulle was deur die Heilige Gees vervul en het God in verskillende tale, wat hulle self nie eers geken het nie, begin prys.



Toe die Gees oor hulle kom, het hulle hul vrees vir mense verloor en na buite gegaan om God in die openbaar te loof en prys.

Geseënd is God die Vader van ons Here, Jesus Christus.

Ek sou sê hulle is **drunk**, maar hulle praat my taal vlot, sonder aksent.

Hulle praat ook **my** taal vlot. Hoe het hierdie ongeletterde mense al hierdie tale so gou geleer?

Julle, die mense van Israel, **julle** het gesien hoedat Jesus **wonders** verrig. Dit is bewys dat God met Hom was en ten spyte daarvan dat julle hom gekruisig het, het God hom uit die dood opgewek.









Ons weet dat hierdie man van geboorte af verlam was. Hoe is dit moontlik dat julle hom gesond kon maak. In wie se naam het julle dit gedoen?

In die naam van **Jesus Christus** van Násaret, die een wat julle gekruisig het en wie God uit die dood laat opstaan het. Hy het die man gesond gemaak. Onthou die skrifte, "Die steen wat die bouers verwerp het sal die hoof hoeksteen word".

Deur geen ander is verlossing nie: want onder die hemel is daar geen ander naam onder die mensdom gegee, waardeur ons verlos kan word nie.

Hierdie manne is veronderstel om ongeletterd te wees. Hulle het nooit onderrig ontvang nie, maar tog kwoteer hulle die profete vrylik.

Ek herken hulle. Hulle was inderdaad saam met Jesus.

Daar is geen nut daarin om hierdie wonderwerk te ontken nie. Almal weet nou dat hy gesond gemaak is, en hulle weet dat dit Jesus se dissipel is wat dit in Sy naam gedoen het. Ons het nou 'n probleem.

As julle aanhou preek en wonderwerke in die naam van die gekruisigde Jesus doen, sal julle dieselfde pad as Hy loop. Verstaan julle my? Gaan weg voor my aangesig en ek wil nie weer iets van hierdie opstanding uit die dood hoor nie!

U moet maar self besluit of God wil hê dat ons liever aan U gehoorsaam is as aan Hom. Maar ons moet vertel van die dinge wat ons gesien en gehoor het.

Smyt hulle hier uit!

*Die godsdienstige leiers bekend as Sadduseërs het nie in die opstanding van die dooies geglo nie (sien Mattheus 22:23 en Handeling 23:6-8).

Die evangelie het oor die hele Israel versprei. Baie het tot geloof in Jesus gekom en was in water gedoop.

Vir duisende mense wat in liefde en vrede geleef het was die kerk soos familie.

Het jy die goeie nuus van **Jesus Christus** gehoor?

Jesus het uit die **dood** opgestaan. Hy **lewe** en is selfs nou by ons.

Vandat my familie in Jesus Christus glo, is daar vir die eerste keer vrede in ons huis.

In die kerk was vroue met respek en **deernis** behandel.

Die Christene het gesing terwyl hulle gewerk het.

Christene het in hulle duisende toegeneem en het voortgegaan om hul besittings onder mekaar te deel. Hulle het daagliks van huis tot huis gegaan en aan almal wat hulle op straat ontmoet het van Jesus vertel.



Julle, die mans van Israel, weet dat God aan ons voorvaders gesê het dat hul saad na 'n vreemde land weggevoer sou word en daar vir 400 jaar soos slawe sal woon, maar dat God daarna daardie nasie sal veroordeel, Sy mense sal verlos en die land, wat Hy aan Abraham belowe het, aan hulle sal gee.

Salomo het vir God 'n huis gebou. Maar God woon nie in tempels wat met hande gebou is nie, soos die profeet gesê het: So spreek die Here; "Die hemele is My troon, en die aarde is die voetbank van My voete. Waar is dan die huis wat julle vir My sal bou? Of waar is die plek van my rus? Is dit nie My hande wat al hierdie dinge gemaak het nie?"

Stefanus, moenie jousef belaglik maak nie.

Jy spreek teen ons tempel!



Julle is opstandig en hardkoppig. Julle harte is verhard teenoor God. Julle weerstaan die stem van die Heilige Gees, net soos jul vaders. Julle en jul vaders het die profete vervolgt en gedood toe hulle die koms van Jesus Christus voorspel het, en nou het julle Hom ook verraai en doodgemaak.



Stefanus, noem jy jousef 'n Jood?

Sal jy ons wette en tradisies afbreek en met wat vervang? 'n Dooie man wat nog deur niemand gesien is vandat die Romeine Hom gekruisig het nie?

Kyk, ek sien die hemele oopgemaak, en die Seun van die mens wat staan aan die regterhand van God. O, die Heerlikheid!



Sit julle hande oor jul ore. Moenie na sulke lastering luister nie!

Hy verdien om te sterf!

Neem hom uit die stad en stenig hom dood!









Hier was 'n man van groot aansien, in diens van die koningin van Ethiopië. Hy was haar skatmeester en was toevertrou met die hele rykdom van die koninkryk. Volgens Joodse gewoonte het hy in Jerusalem gaan aanbid en was op pad terug na Ethiopië. Hy was besig om die Skrifte te lees.

Hy is soos 'n lam na die slagting gelei, en soos 'n skaap voor sy skeerder, het hy nie sy mond oopgemaak nie, want sy lewe was kort geknip.....



Ek hoor jy lees uit die profeet **Jesaja**. Verstaan jy wat jy lees?

Jy besef waaruit ek lees? Maar ek kan dit nie verstaan tensy iemand dit aan my verduidelik nie. Kom ry saam met my.



Jy kom so pas van **Jerusalem** af?

Ja, ek het daar gaan aanbid. Die geloof van my land het nog nooit vrede gebring nie. God voel so ver van ons af.

Ek het al gelees van die beloofde Messias. Nou, terwyl ek in Jerusalem was, hoor ek duisende maak aanspraak daarop dat Hy reeds gekom het, maar dat Hy gekruisig was en daarna uit die **dood** opgestaan het.

Ek het die profete bestudeer om te sien of so iets voorspel was. Weet jy of die profeet Jesaja oor homself gepraat het of van 'n ander man?

Soos jy weet, was hierdie boek van Jesaja amper 800 jaar gelede geskryf. Die hele 53 ste hoofstuk is maar een van die baie profesieë oor die Messias. Dit sê dat hy "verag en verwerp" sal word.

Aangesien jy nou net van Jerusalem af kom, sal jy weet dat alhoewel Jesus magtige wonderwerke verrig het, ons leiers hom verwerp het.

Jesaja het geprofeteer dat Jesus deur sy wonde vir ons sonde sou betaal. In vers 5 sê dit dat die straf wat ons sondaars toekom, op Hom geplaas sou word.

Vers 7 is 'n profesie dat wanneer Jesus voor sy veroordelaars staan Hy homself nie sal verdedig nie.

Ek hou veral van vers 6 waar dit sê, "Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen ons eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom." Dit is duidelik dat elke mens buite die wil van God is en sy eie sondige natuur gevolg het, maar God het ons sonde op Jesus geplaas en deur sy kruisdood het Hy vir ons ongehoorsaamheid betaal.


Vers 8 voorspel dat Hy uit die gevangenis geneem sal word en doorgemaak sal word om vir die oortredings van Sy volk te betaal.

Vers 9 sê dat Jesus saam met die goddelose begrawe sou word en in sy dood by 'n ryke sal wees, en dat Hy geen onreg gedoen het nie.

Verder lees ons in vers 9 en 10, dat Jesus sonder sonde was en dat dit die wil van God was dat Hy verbrysel sou word en smarte sou ly, want Jesus het sy siel as 'n skuldoffer vir ons sonde gebied.

Vers 10 praat van Sy opstanding en van die bediening wat hy daarna sal hê.

En baie ander profesieë vertel ons dat Jesus na Sy opstanding op die troon sal sit en dat ons, na ons dood, almal voor Hom sal verskyn en rekenskap sal gee van die lewe wat ons gelei het.





ΟΥΘΟΣ ΟΥΤΟΣ ΗΝ ΕΝ ΑΙΩΝΗ ΠΡΟΣ ΤΟ



HOOFSTUK 12:
AAN ALMAL OOR DIE HELE
WÊRELD

χωρίς αμαρτίας γεννηθέντες εν αληθεία
γινόμεν εν αὐτῷ ζῶντες



Die Christene het vir hul lewens gevrees en het in die geheim bymekaar gekom waar hulle saam die Woord gelees, geluister en lofsange gesing het.

Liewe vriende ons Here het gely om ons sondes weg te neem en daarom sal ons moontlik ook moet ly. Moenie verbaas wees oor die vervolging wat ons gaan ervaar nie.

Jesus het gesê, "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg." Dit beteken dat as ons geroep word om ons kruis tot by Golgota te dra, ons dit moet doen. In Psalm 22 lees ons...



Mag God ons help. Dit is Saulus, die moordenaar.

Bly waar julle is!
Hierdie vreemde geloof sal nie toegelaat word nie. Julle belaster ons vaders en die wette van ons volk. **Julle is dwase!**
Bekeer julle of sterf.

Gryp hul leier en maak van hom 'n voorbeeld.



Ons het al meer Messiasse gehad as wat ons nodig het. Hoekom aanbid julle 'n **dooië timmerman**?

Ons Here Jesus **lewe** en Hy is die skepper van die heelal.

Jy sal dalk jou deuntjie verander wanneer ons jou **vrou** in die tronk stop.



Nee!
Nie my vrou nie!

Doef!





Saulus, nou Paulus, was 'n nuwe man met 'n nuwe boodskap. Hy wou nie verder Christene vervolg en doodmaak nie. Hy wou ander ooreed om in Jesus Christus te glo.

Ek kan verstaan dat julle twyfel. Ek het ook nie geglo nie, maar ek sê vir julle, Jesus van Nasaret het die eeu-oue profesie aangaande ons Messias vervul.

Jy is dwaas om dit te glo. Hoe kon die Messias toelaat dat Hy deur ons vyande doodgemaak word?

Hy was die **am** van God wat ons sondes weggeneem het.

Die belangrikste bewys is dat God Hom uit die dood opgewek het.

God het ook na die Heidene uitgereik. Daar was 'n Romeinse soldaat wat in gebed na die waarheid en meer oor God gesoek het.

God, ek weet U is God, die skepper van die mens. Die godsdienste van my volk is sleg en dit bring geen vrede nie. Leer my U weg en ek sal daarin wandel.

Wie? Wat? **Wie** is jy? **Waar** het jy vandaan gekom?

God het my gestuur want jou gebede is verhoor. Stuur manne na Joppe na die huis van Simon, die leerlooier. Sy huis is langs die see. Daar moet jy vra na die man, Petrus. Hy sal hierheen kom en jou die waarheid oor God vertel.

God het vrede bewerk deur Sy bloed aan die kruis te vergiet.

Ons meester, Petrus, is 'n baie godsdienstige man, 'n goeie man, maar hy is bekommerd oor baie dinge. Hy is gedurig in gebed en gee geld aan die armes, maar hy het nie vrede met God nie.

Wat beteken dit?

Ek sal dit aan jou kaptein verduidelik.



Die kaptein ontmoet Petrus by die deur en kniel voor hom.

Staan op. Moenie eerbied aan my toon nie. Ek is 'n man net soos jy. Roep almal bymekaar en ek sal die goeie nuus met julle deel.



Hierdie is 'n **grootse** dag. God het Petrus, een van Jesus se dissipels, na ons gestuur om ons van Hom te vertel.

Ja, ek het drie en 'n half jaar saam met Jesus gewandel. Ek het gesien hoe hulle Hom kruisig en ek het Hom gesien nadat hy uit die dood opgestaan het. Daar was 500 van ons in een plek bymekaar om Hom na Sy opstanding te hoor preek. Hy het met ons geëet en ons het aan hom gevat. Hy het ons geleer om ons vyande lief te hê en om te bid vir diegene wat ons vervolg. Hy het **S** Geesgestuur.....



Kaptein Cornelius en sy hele huishouding het die evangelie van Jesus Christus geglo en hulle was almal daardie selfde dag gedoop.



Op die Sabbatdag het Paulus in die sinagoge te Antiochië vir die Jode gaan preek.

Julle ken my. Ek het Christene tot die dood toe vervolgt. Maar toe, in 'n verblindende lig en met 'n stem soos donderslae, het Jesus aan my verskyn en gesê dat ek Sy Woord moet uitdra. Ek het die Heilige Skrifte deursoek en gevind dat Jesus al die Messiaanse profesieë vervul het.

God het gesê dat Hy 'n seun van **David** sou oprig om die **Redder** van Israel te wees en dat die leiers in Jerusalem Hom tot die dood sou veroordeel.

In die tweede Psalm staan dit so geskryf, "U is my Seun, vandag het Ek self U gegeneer."



In 'n ander Psalm lees ons dat God nie sal toelaat dat Sy Heilige Een verderf sien nie. Dit is 'n profesie dat alhoewel Hy sou sterf, Sy liggaam nie sou bederf nie. Laat dit bekend gemaak word dat jy volkome vergifnis van sondes in Jesus kan vind, iets wat Moses nie kon gee nie.




God het Jesus gestuur om 'n lig vir die nasies te wees, die **Redder** van alle **Heidene**.

Heidene! Heidene is onrein. Hulle kan nie deel in die Joodse geloof nie.

Jy laster! Jesus was 'n buite egtelike seun. Bewerings is dat sy moeder lank voordat sy getroud was, reeds swanger was.

Hierdie kettery sal veroorsaak dat jy gestenig word.

Aangesien julle die goeie nuus van die ewige lewe verwerp, sal ons die boodskap aan die **Heidene** uitdra, net soos die profete voorspel het.









Jesus het die dissipels gewaarsku; "Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee en julle doodmaak; en ter wille van my Naam sal julle deur al die nasies gehaat word. En dan sal baie tot struikel gebring word en mekaar verraai en mekaar haat. En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei."

Here
Jesus, ontvang
my gees!

Toe die wat Christus gesien het, oud geword het en die kerk oor die hele Romeinse Ryk versprei was, het die Romeine begin om die Christene tot die dood toe te vervolg. As die gelowiges nie Christus verloën het nie, was hulle in die arena voor die honger leeus en tiere gegooi en die mense het toegekyk hoe hulle in stukkie verskeur was.

Vader moet hulle
nie straf vir wat hulle
aan ons doen nie.



GGRRR!

IEEEE!



Partykeer was die Christene deur die Romeinse soldate doodgekap. Die mense was verbaas dat die gelowiges nie hul geloof wou verloën nie. Hulle was bereid om vir Jesus te sterf.

Jason, ek
sal jou in die
paradys sien.

Nee!



Voor Sy dood, het Jesus oor die tempel geprofeteer:

Sien julle hierdie tempel? Ek sê vir julle dat dit vernietig sal word en nie een steen sal op 'n ander steen bly staan nie.

Veertig jaar later, in 70 n.C., het die Romeine die stad en die tempel vernietig. Die hout in die tempel het gebrand, die goud het gesmelt en het deur die krake tussen die stene ingeloop tot in die fondasies. Die Romeine het die goud probeer herwin deur die stene op te lig en te verwyder en so is Jesus se profesie vervul.

Die Jode uit Jerusalem en Israel wat, die oorlog oorleef het, het na die heidenlande gevlug waar baie van hulle nageslagte vandag nog leef.



Ons kan na my broer se huis in Sirië vlug.

Die Christen Jode het ook na ander lande gevlug waar hulle die evangelie van Christus verkondig het en so het die kerk gegroei.

Waarheen hulle ook gevlug het was daar reeds Christene om hulle te verwelkom.

Ons het nie geweet waar om te gaan nie.

Ons het gehoor van die vreeslike dinge wat in Jerusalem gebeur. Natuurlik kan julle by ons bly.

Jesus se apostels het tot op die einde aangehou om die opstanding van Jesus Christus te verkondig. Een vir een was hulle doodgemaak. Hulle almal het dapper gesterf met die wete dat daar vir hulle 'n beter woning in die Hemel wag.

Ander se ingewande was lewend uitgesny en dan was hulle vêrder in stukke gesny.

Hulle ingewande was lewend uitgesny en dan was hul liggame in stukke gekap.

Sommige was gestenig.

Ander was aan wilde diere gevoer.

Sommige onthoof.

Petrus was onderstebo gekruisig.

Sommige was stadig in olie gekook.

Ek is na 'n beter plek op pad. Mag God julle vergewe

Ek is dit nie waardig om soos U gekruisig te word nie, my Heer.

Hulle het almal met die wete en in geloofsvertroue, dat daar 'n nuwe liggaam en beter woning op hulle wag, gesterf.

Sestig jaar na Jesus se opstanding, was Johannes die enigste oorlewende apostel. Deur die Gees was Johannes na die hemel opgeneem waar God die toekoms aan hom gewys het.

Johannes, ek sal jou die dinge wys wat in die toekoms gaan gebeur. Skryf wat jy sien in 'n boek en stuur dit aan die sewe kerke in Asië.

Aan die einde van hierdie era, sal Jesus terugkom en die grafte van almal wat Sy kinders is, sal oopgaan. Hulle sal opstaan om Jesus in die lug te ontmoet en vir ewig met Hom wees.

In hierdie eindtyd, sal God verskriklike tragedies oor die aarde bring. Vuur sal uit die lug neerval en amper al die mense op aarde sal deur plaë en siektes uitgewis word.

'n Man sal kom en beweer dat hy die Messias is, en hy sal baie mense mislei. Hy sal veroorsaak dat mense hulle getrouheid aan hom en sy regering bewys deur 'n merk op hulle voorkoppe of op die agterkant van hulle regterhande te ontvang.

Die wat nie die merk ontvang nie sal onthoof word. Dit sal 'n tydperk van ontsettende lyding, vir die wat op aarde agtergebly het, wees.

Soos dit voorspel was, sal Jesus aan die einde van die tyd terugkeer.

Hy sal in Sy volle mag en glorie terugkeer. Die hemele sal oopgaan en Hy sal neerdaal op die rug van 'n wit perd.

Soos die son sal Hy skyn en op sy hoof sal daar baie krone wees. Sewe sterre sal Hy in sy hand vashou en uit sy mond kom die swaard van die waarheid.


Hy sal Satan uitdaag en hom in die poel van vuur werp waar hy vir ewig smarte sal smaak en nooit weer die mens sal verlei nie. Daarna sal Jesus ook die dood, die laaste vyand, in die poel van vuur werp en dan sal daar 'n nuwe aarde in bestaan kom.

Almal wat in die Seun geglo het, sal God bymekaar maak en hulle sal die ewige lewe in 'n nuwe aarde ontvang. Die Here sal al die trane afdroog en daar sal geen dood meer wees nie. Hartseer, trane and pyn sal van die verlede wees. Jesus sal as Koning en as die Redder van Sy geregverdigde volk regeer in 'n wêreld sonder sonde of dood.



Vir 2000 jaar word die evangelie van Jesus Christus al verkondig. Jesus het voorspel dat die boodskap van Sy koninkryk oor die hele wêreld sal versprei totdat elke nasie, stam en familiegroep die goeie nuus gehoor het.

Daar is net een ware geloof wat God deur sy Woord aan die wêreld gegee het. Net een weg tot lewe na die dood. Jesus is die enigste weg, die waarheid en die lewe. Hierdie waarheid word deur vele mense van talle volke en nasies geglo.



Die evangelie van Christus is anders as al die ander godsdienste van die wêreld, aangesien dit nie deur dwang of intimidasie versprei word nie. Jesus het Sy volgelinge geleer om hulle vyande lief te hê en om met vreugde en lofsange gevul te wees. Vandag is daar groot vreugde by gelowiges van alle nasionaliteite en tale, oor hul vergifnis van sonde en die toekomstige ewige lewe.

Alhoewel dit amper 2000 jaar sedert Jesus se opstanding uit die dood is, is daar steeds mense wat nie die goeie nuus gehoor het nie. Iemand moet hulle gaan vertel.



Gedurende 1999 het 'n groepie besorgde Christene bymekaar gekom en beplan hoe hulle die Goeie Nuus kon versprei. Die behoefte was om aan alle volke en in al die tale van die wêreld, die evangelie boodskap uit te dra.

Hulle het besluit dat die beste benadering sou wees om 'n prentebok te ontwerp wat die Bybel Boodskap op so 'n wyse sal uitbeeld dat almal dit sal kan verstaan.



Nadat die teks geskryf was, het hulle Danny Bulanadi, een van die wêreld se vooraanstaande prentebok kunstenaars, gekontrakteer om die prentjies te teken.



Dit het meer as sewe jaar geduur om die teks te skryf, die prente te teken en die boek te publiseer.

Hierdie boek wat jy nou net gelees het, word nou vervaardig en versprei in baie tale regoor die wêreld - besorgde Christene betaal om die boek te publiseer en te versprei.



Christene regoor die wêreld spandeer hulle eie geld en tyd om hierdie boek in die hande te besorg van baie wat nog nie die goeie nuus van Jesus gehoor het nie.

Hoe gaan dit met jou, my vriend? Ek het 'n boek wat ek graag vir jou wil gee. Dit vertel van hoe jy van al jou sondes vergewe kan word en wanneer jy eendag sterf hoe jy die paradys kan binnegaan.

Ek vra niks daarvoor nie. Dit is 'n geskenk.

Ek kan nie daarvoor betaal nie.



Hoekom gee jy my iets verniet?

Omdat ek jou lief het, my vriend, en hierdie boek bevat baie goeie nuus.

Dan sal ek dit maar lees en sien of daar nog enige goeie nuus in die wêreld oor is.



Die volgende dag.

My godsdienst het my nog nooit so iets vertel nie. Hierdie is alles omtrent liefde en vergifnis.

Ek weet dit is waar! Ek het teen God gesondig, maar Hy het Sy seun gestuur om vir my sondes te sterf! Hoe verbasend en wonderlik!



Liewe Jesus,
dankie dat U my lief het
en dat U in my plek gesterf
het. Ek wil vir die res van
my lewe net U volg.



Ek is
vergewe! God
leef nou in my!



Vrou, die wonderlikste ding het gebeur,
'n man wat ek nog nooit gesien het nie, het
aan my hierdie boek gegee. Dit vertel die
storie van hoe God as 'n man aarde toe
gekom het en ons sondes weggeneem het.

Sal jy dit
vir ons lees,
Mohamed?

Kan ek
dit lees Pappa?
Kan ek?



Die deel oor
Abraham en **Moses** ken
ons reeds. Maar die skrifte
van ons godsdiens het ons nooit
die res van die storie vertel nie.
God het Sy seun Jesus gestuur
om Sy bloed te vergiet om vir
ons sondes te betaal.


Kan vroue, net
soos mans, vergewe
word en in God se
familie aanvaar word?

Ja. Jesus
verwelkom almal.




Ander het die vrede gesien wat oor
die Raoul familie gekom het en wou
ook hierdie wonderlike nuus hoor.

Hierdie is
inderdaad wonderlike
nuus. Ek gaan my familie
bring om ook te hoor.



Gou het Mohamed sy
prentjieboek aan amper almal
in sy dorpie voorgelees. Maar
Mohamed wou meer weet.







Wie is jy om teen ons godsdiens te praat? Jy preek van hierdie vreemde godsdiens uit Amerika. Dit is die godsdiens van die kapitaliste wat ons wil onderdruk.

Here, help hulle om die waarheid te sien.

Ek het nog nooit 'n Amerikaner ontmoet nie en verder kom **Jesus** vanuit die ooste, net soos ons. Tog is Hy die Seun van God wat uit die hemel neergedaal het om die ewige lewe aan die hele wêreld te gee.



Hierdie buitelandse godsdiens is besig om te versprei. Daar moet 'n einde aan gebring word. Ons sal vanaand op hulle toesak, terwyl hulle sing.



Dit sê in die boek van Mattheüs dat soos hulle die **Meester** vervolg het, hulle ook Sy dienaars sal vervolg.

Maar Hy sê dat ons moet jubel en baie bly wees wanneer hulle ons vervolg, want **groot** is ons beloning in die Hemel.



Here, help ons!

Hardlop, vinnig, uit!

AAIII!



Moet nie toelaat dat een ontsnap nie!





Die engel het Mohamed kom haal en na die paradys geneem.

Waarheen neem jy my? Ek is dan dood. Ek is veronderstel om in 'n nuwe gedaante terug te keer.

Re-inkarnasie is 'n leun. Jy gaan nou veroordeel word.



Jy het leuens vertel en my nooit geken nie. Jy het nie jou naaste liefgehad nie en jy was ook nie barmhartig teenoor jou vyande nie. Jy was selfsugtig en lui. Jou hart is vol trots. Jou lewe is beëindig deur jou eie haat.

Jy is die ewige lewe nie werd nie. Gooi hom in die buitenste donkerte.



Nee, nie nog vuur nie!



Wel gedaan, my goeie en betroubare dienaar! Jy mag nou in my blydskap deel. Ek het vir jou 'n tuiste voorberei.

Maar Here, wat van my familie?

Hulle sal later by jou aansluit. Ek het eers nog werk vir hulle om te doen.



Maar wat van die res van my volk wat nog nie gehoor het nie?

Daar is baie Christene wat hulle sal vertel. En as hulle glo, sal hulle ook gered word. Maar as hulle nie wil nie...